

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-06-11

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 235

(Bladsye 12 454 - 12 518)

HOF HERVAT OP 11 JUNIE 1987.

MR BIZOS : All the accused are before Your Lordship. Your Lordship excused accused no. 19 yesterday, but the district surgeon's were not available. An appointment has been made for 10h00 this morning, if he could be excused at approximately 09h45.

COURT : Yes certainly.

MR BIZOS : I would like to hand in alternative copies of the transcript of V31 and I have given copies to the State. I would just like to explain . Your Lordship will see that(10) the right angled line on page 1, that indicates that there is visual material plus the sound. If Your Lordship turns to page 3, Your Lordship will see two radio type lines like a naught and crosses thing and a 1 there. That is the first interruption. The interruption occurs where the two parallel lines with the top and bottom are indicated and the interruption is marked as interruption 1. If Your Lordship goes on to page 4, Your Lordship will see that there is a certain portion which is one video, which is visual material.

COURT : Is it which is underlined or is it which is bracketted
(20)
by the underlining? Does it start at he or she?

MR BIZOS : He or she. Then Your Lordship will see that again there is visual material on page 9 and then Your Lordship will see at the bottom of page 10 there is a second interruption and then it goes on in a similar manner right through. All the interruptions are numbered, similarly the visual material is shown and at the end of it, Your Lordship will see there are 46 interruptions in all, that is a switch on and off.

COURT : Yes, thank you, this will be very helpful. (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : This was done by Mr Harris. There are some explanatory notes as for instance on page 11.

COURT : He himself speaks on the tape?

MR BIZOS : He himself speaks on the tape.

COURT : I remember that.

MR BIZOS : Speakings on the tape or giving instructions to himself in order to be able to identify it later. I may indicate that Mr Harris worked on the Sotho in order to pick up the interruption properly, but our instructing attorney Mr Power, who speaks Sotho and English transferred it to(10) V31.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

HOF : Mnr. Moselane, ek wil myself net verder oriënteer Daar is een plek waar ek net graag vir u wil vra en dit is die Administrasieraadskantore te Sharpeville. Dit is blykbaar aan Seeisostraat? -- Ja.

Kan u dit vir my aandui op AAR4. Dit word aangedui met n 19 op die kaart AAR4. Op die indeks dan tot AAR4 skryf ek punt 19 Administrasieraadskantore.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, (20) ek het hier woorde in n Bantoetaal wat ek op n papier geskryf het en ek wil net hoor of jy saamstem met die vertaling daarvan in Engels. Kyk net daarna. Ek skryf dit vir jou op papier weens my swak uitspraak van n Bantoetaal.

HOF : Laat die getuie of die tolk dit net vir ons voorlees sodat dit op rekord kom. -- Ha ke batle ho se Bitsa Tshenyo Ha se Tshenyo Hobane Ha se Tsaka. A Di A Tsha Ha Ke Na Taba Ha se Tsaka.

MNR. JACOBS : Stem jy saam die "Ha Ke Batle Ho Se Bitsa Tshenyo" beteken "I do not want to call it destruction"? (30)

Ja/...

-- Ja.

En dan "Ha se Tshenyo Hobane Ha Se Tsaka" beteken "It is not destruction because it is not mine"? -- Ja, ek glo dit is die manier waarop dit vertaal is.

Is dit wat dit beteken? -- Ek vra net vir jou dit? -- Ja, dit is hoe h mens dit verstaan, soos dit vertaal is, ja.

Dan die volgende is "A Di A Tsha" beteken "Whether they burn"? -- Ja, dit is so.

En dan die volgende een "Ha Ke Na Taba" beteken "I do not care"? -- Ja. (10)

En dan die laaste sin, die laaste deel "Ha Se Tsaka" beteken "They are not mine"? -- Ja.

Ek wil dit aan u stel en u sal saamstem, dit is die woorde wat u besig op bladsy 10 van BEWYSSTUK V31?

HOF : Kan ons net duidelikheid kry, die nuwe V31, is sy nommers en sy bewoording presies dieselfde as die ou V31?

MR BIZOS : We saw to that, yes.

MNR. JACOBS : Dit is dan die middel paragraaf wat hier soos volg lees "Secondly". Daardie sin moet dan lees as dit reg vertaal is, wat nie hier is in die geval van BEWYSSTUK V31 (20) nie, die regte vertaling sal daar wees "I do not want to call that it is ... " (Hof kom tussenbei)

HOF : Die "Secondly it is to" moet bly?

MNR. JACOBS : Ja. Dit is net daardie woorde van "I do not want" van daar af. "I do not want to call it destruction" en dan moet daar inkom "It is not destruction, because it is not mine" en dan daar in die onderste gedeelte, onder die naam "Reverend Moselane" waar hy daar begin praat, die derde sin "Whether they burn." Ek sal die sin van die begin af neem "Therefore those buses are not helping us with anything. (30)

Whether/...

Whether they burn I do not care."

HOF : Net so n bietjie. "If they say", is die "If they say" daar of nie?

MNR. JACOBS : Nee, dit val heeltemal weg. Ek sal hom weer lees sodat hy aaneenskakelend lees. "Therefore those buses are not helping us with anything. Whether they burn I do not care. They are not mine." Stem jy saam, dit behoort die regte vertaling daar te wees? -- Met die uitlating van daardie drie woorde?

En die vertaling, die werklike vertaling wat jy hier (10) bevestig het en die uitlating van daardie drie woorde? -- Ja, dit is hoe ek dit sien.

Ek mag net sê, Edele, die Sotho-gedeelte wat ingehandig is deur - wat aan die Staat beskikbaar gestel was deur mnr. Bizos was gebruik om hierdie vertaling en hierdie woorde ... (Hof kom tussenbei)

HOF : As daar n debat ontstaan oor hierdie aspek, sal ek die Sothogedeelte wat mnr. Bizos beskikbaar gestel het inneem as bewysstuk.

MNR. JACOBS : Dit is al wat ek op hierdie dokument wou (20) reggestel het. Ons het dikwels gehoor van die petisie. Laat ons hierdie petisie dan vandag verder beskou. Wanneer is die petisie die eerste keer ter sprake gebring deur jou en die mense wat saam met jou gewerk het? -- Dit was by die vergadering van die 12de.

Wie het dit te berde gebring op die vergadering van die 12de? -- Ek het daarvan begin praat.

Net vir duidelikheid, ek het gesê die 12de, maar dit is 12 Augustus 1984 se vergadering. Ons verstaan dit, nê? -- Ja.

Wanneer het hierdie idee van n petisie by jou opgekom?(30)

Was/...

Was dit by die vergadering of het jy al voorheen daaraan gedink?

-- Voor die vergadering het dit in my gedagte gekom.

Ek neem aan toe jy nou - hoe lank voor dit? -- n Dag of twee voor ek daarvan gepraat het.

Het jy toe begin uitwerk wat die petisie moet bewoord?
-- Bedoel u wat die bewoording gaan wees wat in die petisie bevat moet word of praat u daarvan dat ons dit bespreek het?

Nee, die bewoording wat die petisie sal moet bevat, wat die petisie se inhoud moet wees? -- Nie om dit te skryf nie. Ons het net daarvan gepraat. (10)

Met wie het u gepraat voor die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Ek het dit met niemand bespreek nie.

Voor die 12de, het jy dit toe op skrif gestel wat die inhoud daarvan moet wees? -- Nee, ek sê ek het daarvan gepraat toe ek besig was met voorbereiding van my toespraak vir die vergadering.

HOF : Het u daaraan gedink of daarvan gepraat? -- Ek het daarvan gepraat.

MNR. JACOBS : Met wie het jy gepraat? -- Ek het dit genoem aan die mense wat by die vergadering was. (20)

Maar dit is nou toe jy voorbereiding gedoen het? -- Ek het daaraan gedink tydens my voorbereiding van die toespraak en eers daarvan gepraat tydens die aflewering van die toespraak.

So, jy het nie gepraat terwyl jy dit voorberei het nie?
-- Ja, ek het net daaraan gedink. Ek het toe later daarvan gaan praat.

Toe jy jou toespraak voorberei het en jy daaraan gedink het, het jy jou toespraak skriftelik voorberei en notas gemaak en neergeskryf wat jy gaan sê? -- Ek kan nie onthou nie. Al wat ek weet is dat ek voorbereidings gemaak het. (30)

Wat/...

Wat moes hierdie petisie behels? -- Ek het daarvan gepraat en gesê dat ons 'n petisie sal moet voorberei wat dan voorgelê gaan word aan die owerhede in beheer van die Vaal, naamlik die Lekoa Stadsraad.

Ek vra weer vir jou wat moes die inhoud wees van hierdie petisie? -- Ek sê ek praat daarvan, ek het dit nog nie geskryf nie.

HOF : Dit is nie 'n antwoord nie. Wat het u gedink moet die inhoud wees van die petisie? -- Die inhoud van hierdie petisie sou gewees het dat dit versoek word dat die verhoging, dit(10) wil sê die verhogingsbedrag nie in werking gestel word nie. Daar moet nie voortgegaan word daarmee nie.

Is dit al? -- En dat die mense die name en adresse sal moet neerskryf.

Was u gedagte dat die petisie 'n kopstuk sou hê byvoorbeeld "Ons versoek dat daar nie voortgegaan word met die huurverhoging nie" en dat daar onder die kopstuk dan deur die mense geteken sou wees met hulle name en adresses? -- Ja, onder die kopstuk sou daar name en adresse gewees het van die mense.

En was die gedagte dat die kopstuk eers daar sou wees(20) voor die name en adresse daar sou verskyn? -- Ja.

MNR. JACOBS : Was dit in gedagte dat daar net een eis gestel word en dit is dat die verhoogde huur nie in werking gestel word nie? -- Nee, daar was 'n tweede versoek gewees.

Wat u in gedagte gehad het? -- Nee, nie wat ek in gedagte gehad het nie, maar wat toe bekend geraak het na die mense by die vergadering gepraat het. Dit wil sê, die twee sou dan daar gedien het as die twee versoeke op die petisie. Dit wil sê die een wat ek in gedagte gehad het en die een wat toe bestaan het as gevolg van die besprekings van die mense by (30)

die/...

die vergadering. Eintlik hierdie vergadering het resolusies daaromtrent aanvaar.

Wat is die tweede eis wat in die petisie gestel moes word? -- Die eerste versoek was dat die huur nie verhoog moet word nie. Dit is dat daar nie voortgegaan moet word met die verhoging van die huur nie en tweedens, was die versoek dat daar 'n beroep gemaak word dat die raadslede bedank indien die verhoging van die huur nie gestaak kan word nie.

So, die raadslede was daar 'n voorwaarde aan gestel, (10) as hulle voortgaan om hierdie huur in werking te stel, dan moet hulle bedank? -- Ja, dit was die versoek gewees.

Enigiets verder? -- Dit is al wat besluit was oor hierdie petisie by hierdie vergadering.

Was daar nie bespreek en besluit dat redes aangegee word hoekom die mense nie die huur betaal nie, nie die verhoogde huur wil betaal nie?

MR BIZOS : Does the question relate to the contents of the petition or the discussion at the meeting? Because I understood the previous questions to relate to the contents of (20) the petition.

HOF : Is ons besig met die petisie se inhoud?

MNR. JACOBS : Dit is so.

HOF : Die vraag is dan, is daar bespreek en/of besluit dat die inhoud van die petisie ook moes wees die redes waarom die verhoogde huur kon of betaal sou word nie? -- Ja, na die vergadering. Dit is wat gebeur het. Dit is wat besluit was by hierdie vergadering, maar ek het toe daar voorgestel dat ek eers die prokureur sal moet gaan sien in verband met die petisie en die "court interdict". (30)

Kan/...

Kan ek net duidelikheid kry, miskien was my vraag nie baie duidelik nie. Is daar bespreek by die vergadering dat daar redes gegee sou word in die petisie waarom die verhoogde huur afgeskaf moet word? -- Ek sal sê nee, want ek sal vir u sê hoekom ek so sê. Dit was genoem gewees by die vergadering van die 12de, maar eers by die vergadering van die 26ste was dit dan breedvoerig verduidelik ten volle. Die rede daarvoor was omdat die mense saam met wie ek was by hierdie vergadering van die 12de was ook net soos ek nie op hoogte van die wet, wat die wet is wat van toepassing is op hierdie petisie en(10) die "court interdict" nie. Met die gevolg is dat ek toe voorgestel het dat dit nodig is vir my om 'n prokureurs of regsman te raadpleeg alvorens ons enigiets kan doen omtrent die twee wat alreeds genoem is. Wat ons gedoen het, was op die 19de het ons toe 'n verslag gedoen by die vergadering dat ek wel by die regs persoon was vir die raad, maar hy is nog besig met die navorsing van die wet. Met die gevolg, eers op die 26ste was dit breedvoerig en volledig bespreek. Dit is nou met verwysing na die petisie en "court interdict".

MNR. JACOBS : Verstaan ek jou dan korrek, daar was nie 'n(20) vaste besluit op die 12de se vergadering dat die petisie moet dadelik uitgaan en dat die mense moet begin teken nie? -- Ja, dit was so gewees tot tyd en wyl ons 'n regsman geraadpleeg het aangaande die petisie en die "court interdict".

En tussen die 12de en die 19de is daar geen vorms uitgestuur en mense gekry om te teken vir die petisie nie? -- Ja, dit is so.

HOF : Trouens, daar was nie vorms nie? -- Ja. Daarby bedoel ek dat daar geen vorms versprei was of uitgestuur was na verskillende persone toe met die oog daarop om die vorms te (30)

laat/...

laat teken nie. Wat verwag was dat die vorms eers op die 26ste versprei sal word.

Is ek ook dan reg om te sê op die 12de se vergadering was daar ook geen mense aangestel om handtekeninge te versamel vir die petisie nie? -- Ja.

Net om duidelikheid te kry, na die vergadering van 12 Augustus 1984, het jy die petisie enigsins verder bespreek met Hlubi of Myeza of iemand anders? Behalwe die prokureur? -- Ja, ons het dit geraak en eintlik het ek later toe besluit dat ek dit met 'n prokureur moet gaan bespreek. (10)

Jy sê julle het dit geraak? -- Ja, ek sal u sê, selfs die resolusies by die vergadering was weer later by my huis deur my, Hlubi en Myeza bespreek. Dit is ingesluit die petisie waarvan ek praat wat ons geraak het. Die "court interdict".

Wanneer was dit gewees wat jy en Myeza en Hlubi weer hierdie petisie bespreek het of geraak het? -- Dieselfde dag na die vergadering op die 12de Augustus.

Wat het julle op dieselfde dag van 12 Augustus 1984 bespreek tussen julle drie omtrent die petisie? -- Ons het die "court interdict" en die petisie bespreek dat ons raad(20) sal moet gaan kry van die regsman.

Hoekom het julle dit bespreek dat julle raad sal moet gaan kry by die regsman? -- Dit is omdat ek gedink het om hierdie twee dinge uit te voer behoort een kennis te hê van wat die wet is met betrekking tot die twee

Jy sien hoekom ek jou vra, want die vergadering het mos nou reeds aanvaar jou voorstel op die vergadering dat jy moet eers gaan en jou raadsman gaan sien. Hoekom moes jy en Hlubi en die ander persoon dit nog gaan bespreek of jy moet gaan of nie? -- Dit is omdat die drie van ons 'n (30)

leidende/...

leidende rol gespeel het op hierdie vergadering en hulle is eintlik betrokke omdat hulle my daar gehelp het. Tweedens ken ek hulle as mense wat by die vakbonde betrokke is. Dus behoort hulle ondervinding te hê van hoe 'n mens te werk gaan met die prokureurs.

Maar een ding is seker, stem jy saam, dat op hierdie vergadering wat jy met Hlubi en die ander persoon gehou het, het julle nie petisievorms ook opgestel en uitgegee vir tekening nie? -- Ja, maar ons het die "draft" gedoen om dit saam te neem na die prokureur toe. (10)

HOF : Op die vergadering nie? -- Nee, nie by die vergadering nie, maar daar by my huis.

MNR. JACOBS : Sal ons dit noem die klein vergaderinkie wat jy gehou het met Hlubi en Myeza? -- Ja, dit was ons konsultasie.

Het julle net een vorm gebruik of een dokument gebruik wat julle opgetrek het op daardie stadium? Julle het nie verskillende afdrukke gemaak vir verspreiding nie. Is dit korrek? -- Ja.

En op hierdie klein vergaderinkie van julle het julle (20) ook nie bespreek wie die mense gaan wees wat die petisie moet rondneem in die woongebied nie? -- Nee, hierdie opstel wat ons daar gemaak het moes na die prokureur toe gegaan het, want hierdie prokureur is op hoogte van die petisie, die "court interdict" en dit wat ons daar opgestel het.

Maar afgesien daarvan, julle het ook nie afsonderlik bespreek wie gaan die mense wees wat hierdie petisie, as hy lateraan goedgekeur word, sou rondneem nie? -- Nee, dit sou teruggegaan het na die vergadering nie.

En op die vergadering was ook nie self besluit hoe dit (30)

versprei/...

versprei sou word, die petisie nie, want jy moes eers duidelikheid kry by die prokureur en laat ek dit so saamvat, dit is op die groot vergadering van die 19de en die klein vergaderinkie?

MR BIZOS : It is going to lead to confusion. I am sure by mistake reference was made to the 19th.

MNR. JACOBS : Ja, dit is h fout, die 12de se vergadering, ek is jammer? -- Ek het gesê die opstel van hierdie petisie-dokument was nie by die groot vergadering in die kerk gedoen nie, maar by my woning deur myself, Nozipo en Hlubi. (10)

Nee, ek aanvaar dit. Ek vra net op die groot vergadering - kom ons hou dit dan by die groot vergadering van die 12de - daar is nie op daardie vergadering besluit hoe die petisie versprei sou word nie. Dit is eers oorgelaat totdat jy duidelikheid gekry het van die prokureur af? -- Ja.

Het jy toe die prokureur gesien oor hierdie petisie nou spesifiek? -- Ja, aangaande hierdie petisie en die "court interdict" het ek.

Is dit dieselfde persoon wat jy hier genoem het, mev. Buthelezi? -- Ja en ook navraag gedoen by mev. Sheana Duncan. (20) Wat gebeur het is, na ek met mnr. Manthata h gesprek uitgevoer het waar ek hom gaan vra het, het hy my raad gegee dat ek prokureurs moet sien. As gevolg daarvan het ek toe vir mev. Sheana Duncan gaan sien, wie my toe later ook verwys het na mev. Buthelezi om haar te gaan raadpleeg in verband met die probleem.

Verstaan ek u dan reg dat die drie buite persone wat jy gaan sien het oor hierdie petisie, ons het nou klaar gehandel met die "interdict", dit is dieselfde tyd, maar ek wil nou net spesifiek konsentreer op die petisie, was dan (30)

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 16, mev. Duncan en mev. Buthelezi? -- Dit was besluit by die vergadering van die 12de op hierdie twee. So, die twee loop altyd saam. Toe ek die mense gaan sien het was dit aangaande die twee gevalle.

En niemand anders nie? -- Dit is die persone wat ek onthou ek gesien het aangaande die twee aangeleenthede.

En dit was in die week tussen die 12de en die 19de Augustus 1984 toe jy hulle gesien het? -- Ja.

Kon jy klarigheid kry omtrent die petisie by hierdie persone wat jy gaan sien het? -- Ja, selfs met die "court (10) interdict".

Dit is in hierdie besoek wat ek nou spesifiek van praat voor 19 Augustus 1984? -- Ja, ons het raad ten volle gekry.

By wie? -- Ek het al gister gesê dit was mev. Sissy Buthelezi, 'n prokureur.

Wat het sy vir jou gesê, die volle raad wat sy vir jou gegee het omtrent die petisie? -- Die raad wat sy my gegee het was dat ons, die inwoners van Sharpeville, sal moet skryf en die vereistes neerlê in die eerste plek naamlik dat ons versoek dat die verhoogde huur nie in werking gestel moet word (20) nie. Indien dit nie gedoen kan word nie, moet die raadslede bedank. Wat die "court interdict" betref, het sy gesê indien die verhoging van die huur onwettig is, sal sy dit sien tydens die navorsing wat sy gaan doen na die wet. Ek moet toesien dat ek haar gedurende die volgende week sien, wanneer sy in staat sal wees om dit verder met my te bespreek.

Ons aanvaar jy het die twee saam gedoen. Kom ons bepaal ons net by die petisie. Ek vra jou net vrae oor die petisie. Argumentsonthalwe aanvaar ons jy het die twee saam gedoen. Ek vra nou net vir jou, het sy vir jou die wet uitgelê (30)

omtrent/...

omtrent die posisie van die petisie toe jy haar gaan spreek het? -- Ja, sy het aan my 'n verduideliking gegee aangaande die wet, wat die wet is, maar wat my betref, 'n ongeletterde persoon wat betref die wet, kon ek nie 'n verskil maak waarop antwoord sy nou nie. Ek het aanvaar dat sy vir my raad gee op beide.

Het sy gesê jy kan voortgaan met die petisie, dit is reg, daar is niks verkeerd daarteen nie? -- Sy het gesê ons moet dit doen. Na ons dit opgestel het, sal ek haar weer die volgende week moet sien. (10)

Het sy vir jou gesê sy is nie seker van die wet nie? -- Ek aanvaar die twee loop saam. Ek het dus verstaan dat sy navorsing gaan doen omtrent die wet op die twee.

So, toe jy daar by haar weggegaan het, het jy nog gedink dat daardie petisie kan nie dadelik uitgevoer word nie? -- Ja.

Toe jy nou teruggekom het van mev. Buthelezi af, het jy gaan terugrapporteer aan enigiemand in die Vaal van wat jy uitgevind het omtrent die petisie se toepassing? -- Ja.

Aan wie het jy teruggerapporteer? -- Dit was aan Nozipo en Peter Hlubi. (20)

Hoekom het jy aan hulle gaan terugrapporteer? Hulle is mos net jou hulp? -- Ja, soos ek al voreër gesê het, hulle is mos werkzaam by die unie. Dus wou ek geweet het of hulle ook enige navorsing gedoen het.

Wat het jy aan hulle teruggerapporteer? -- Ek het aan hulle verslag gedoen oor wat die prokureur aan my gesê het van wat ek nou net hier in die hof gesê het.

Het jy aan hulle gesê die petisie kan nog nie uitgestuur word nie en mense se handtekeninge gevra word nie? -- Ja.

Het hulle gesê of hulle enige navorsing gedoen het en (30)

wat/...

wat het hulle navorsing opgelewer? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Het julle toe daar n besluit geneem kyk, ons kan nou niks doen nie, ons sal moet wag met die petisie toe jy nou weer vir mev. Buthelezi gesien het? -- ja.

Julle het toe nie daar vorms opgestel vir die uitstuur van die petisie self en afskrifte gemaak nie? -- Ja, ons het mos gesê ons gaan wag. Ons het dit nie gedoen nie.

Nie eers voorlopig nie, net dat hulle reg is as julle kon voortgaan? -- Voor die 19de? Nee. Ek moes eers weer (10) by die prokureur aangedoen het gedurende die volgende week.

En voor die 19de het julle nooit die petisie opgestel en gereed gemaak vir verspreiding nie? -- Nee, dit was nie nodig gewees nie, want ons het nog nie ons voorbereidings volledig gedoen nie.

Op die vergadering van die 19de, het jy verslag gedoen aan die vergadering self van wat jy uitgevind het by mev. Buthelezi omtrent die petisie? -- Nie ek persoonlik nie. Die voorsitter het so n aankondiging gemaak aan die gehoor dat met betrekking tot die petisie en die "court interdict" (20) word daar nog navorsing van die wet gedoen.

Hoekom het die voorsitter dit gedoen en nie jy nie, want jy was mos afgevaardig om te gaan vasstel wat is die wet? -- Ek het die voorsitter vertrou met die aankondiging hiervan wat hy uitgevoer het en ek was tevrede.

Het jy hom versoek om verslag te doen? -- Dit is wat ons vroeër voorberei het tussen ons, dit wil sê alvorens ons by die vergadering gekom het.

Is dit die oggend in jou huis in die sitkamer, is dit wat jy voorberei het? -- Ja, in die loop van die week, dit wil (30)

sê/...

sê voor die dag van die vergadering het ek maar eers begin praat met hulle hieromtrent en ek ook die dag van die vergadering, voor ons na die vergadering toe is. Toe het ons dit bespreek.

Kan ons dit dan net duidelik kry. Ek verstaan nie presies nou nie. Waar het jy vir Hlubi as die voorsitter gevra om die aankondiging te maak omtrent wat jy uitgevind het by die prokureur in verband met die petisie? -- Dit was met my terugkoms vanaf Johannesburg.

Wat presies het jy vir hom gevra? Ek dink dit is (10) belangrik dat jy vir ons dit sê wat presies dit is wat jy vir hom in die week gevra het? -- Ek het hom versoek dat hy hierdie boodskap, die verslag sal moet oordra aan die gemeenskap, dit wil sê die gehoor by die vergadering van die Sondag.

Het jy vir hom gesê dat hy as voorsitter moet dit oordra? -- Ja, dit is wat ek gedoen het.

En het jy vir hom gesê hy as voorsitter moet dan vir die mense vertel die petisie kan nog nie uitgaan nie, omdat jy nog nie regsadvies gekry het nie? -- Ja. Die advies van wat gedoen moet word in daardie opsig. (20)

Wat bedoel jy met die advies van wat gedoen moet word? -- Ek het mos aan hom hierdie volgende genoem, dat ek met mev. Buthelezi was waar ek haar raad gaan vra het en toe verder aan hom gesê dat daar n reëling getref is tussen ons twee, dit wil sê tussen eksel self en mev. Buthelezi, dat ek haar weer die volgende week sal moet sien omrede sy nog navorsing moet gaan doen.

Het jy hom ook gesê hy moet vir die gehoor sê vir hierdie rede kan die petisies nog nie uitgaan nie? -- Ja.

Het hy jou boodskap so oorgedra op die vergadering? (30)

Ja/...

-- Ja.

Dit is die vergadering van 19 Augustus 1984? -- Ja.

Het hy dit oorgedra aan die begin van die vergadering toe hy as voorsitter begin optree het en vir die mense gesê het waarom die vergadering gaan en ock die resolusies uitgelees het? -- Nee.

Wanneer het hy die mense dan uitgelig oor hierdie feit dat die petisie nog nie beskikbaar is nie omdat julle nog vir regsadvies wag? -- Dit was net voor die sluiting van die vergadering. (10)

Vertel vir ons meer? -- Hy het toe hierdie aankondiging aan die gehoor gemaak dat wat betref die petisie en die "court interdict" word daar nog navorsing gedoen omtrent wat die wet is.

Jy sê net voor die vergadering geëindig het. Is dit net na Nkosi gesing was of is dit net voor dit of wanneer? -- Dit is voor die gesingery van Nkosi Sikilele.

Direk daar voor? -- Nee, nie net daar voor nie. Hy het eers hierdie aankondiging gemaak, die een waarvan ons praat en toe 'n aankondiging gemaak van die volgende vergadering. Daarna het hy versoek dat die mense moet staan met die oog daarop om die vergadering af te sluit en versoek dat daar gesing moet word. (20)

So, gedurende hierdie hele vergadering voordat hy hierdie aankondiging gemaak het en die singery plaasgevind het, was daar onder die toesprake van die mense wat daar gepraat het, niks gepraat oor 'n petisie op hierdie vergadering nie? -- Niemand het melding gemaak van die petisie tussen die mense daar teenwoordig ingeslote die gehoor die dag van die verhoor.

Voordat hierdie aankondiging gemaak was deur Hlubi? -- (30)

Ja/...

Ja.

En niemand het ook op hierdie vergadering enige melding gemaak van die "court interdict" voordat Hlubi hierdie aankondiging gemaak het nie? -- Ja.

Jy is baie seker daarvan? -- Ja.

Op hierdie vergadering of direk daarna - wag, laat ek net eers n ander ding vra voordat dit my ontgaan. Het jy nie gister vir die Hof gesê die eerste keer toe Hlubi gehoor het hy gaan die voorsitter wees van hierdie vergadering, was toe jy hom jou sitkamer eenkant toe geroep het en vir hom gevra(10) het om voorsitter te wees? Dit is die vergadering van 19 Augustus 1984 net voor die vergadering? -- Ja, dit was om hom te herinner.

Gister het jy gesê dit is die eerste keer toe hy gevra was om voorsitter te wees? -- Om hom in te lig is om hom te herinner dat hy moet weet hy gaan die voorsitter wees.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry oor die woord "herinner". n Mens kan iemand herinner, dit beteken dat jy iets in sy gedagte oproep wat hy alreeds weet of jy kan hom inlig, dit beteken jy vertel hom iets wat hy nie weet nie. Wat is dit(20) wat u sê? -- n Persoon wat weet wat vergeet het, is die een wat n mens kan herinner aan iets wat hy van geweet het vroeër, maar wat hy vergeet het. Dit is nou die geval, dat jy vir die persoon sê "Kyk, jy moet nou onthou, jy is die persoon wat nou gaan optree in hierdie hoedanigheid."

MNR. JACOBS : So, was dit n geval gewees van Hlubi het vergeet hy gaan voorsitter wees op hierdie vergadering van die 19de Augustus 1984 en jy het hom weer net herinner daaraan?-- Ek weet dat hy daarvan geweet het omdat ek hom alreeds daarvan gesê het. Dat ek hom herinner het die dag, wou ek nie (30)

gehad/...

gehad het dat hy die indruk moet kry dat ek weer my gedagtes verander en dat hy nie meer h voorsitter is nie.

Het jy hom ook herinner om vir die mense te sê omtrent die petisie en die hofinterdik? -- Ja, ek het vir hom daarvan gesê "Moet nou nie vergeet wat ons bespreek het nie. Dit moet ook genoem word."

Oor die interdik en die petisie? -- Ja.

Wanneer is dit dat jy vir Hlubi versoek het dat hy moet voorsitter van daardie vergadering wees? Of het jy hom nie versoek nie? -- Ek het gesê ek het hom gedurende die week (10) versoek en hom weer herinner die Sondag.

Sê vir ons wanneer was dit toe jy hom versoek het om voorsitter te wees? -- Vir die vergadering van die 19de het ek hom gedurende die week versoek.

Op watter stadium gedurende die week? Kan jy vir ons meer besonderhede gee? -- Ek het gesê met my terugkoms vanaf mev. Buthelezi te Johannesburg het ek hom tesame met Nozipo kennis aan hulle oorgedra van wat ek gesê was deur mev. Buthelezi. Dit wil sê, die kennis wat ek opgemaak het, het ek aan hulle oorgedra. Dit was op daardie stadium wat ons (20) dit bespreek het.

K759 Wat het jy toe met hom bespreek? Wat het jy toe vir hom gevra? -- Ek het toe van hom verneem wat het hulle by die prokureurs uitgevind en toe aan hulle oorgedra wat ek uitgevind het.

Wat het hulle vir jou gesê het hulle uitgevind by die prokureurs? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar wat ek wel kan sê is, soos ek verstaan het hulle nog nie die prokureurs geraadpleeg nie.

Omtrent die voorsitterskap, wat het jy vir hom gevra (30)

of/...

of gesê? -- Wat ek aan hom gesê het was dat hy die vergadering sal inlig, want hy is 'n voorsitter.

Het jy vir hom gesê hoekom moet hy voorsitter wees? -- Nee.

Was hy tevrede? -- Ja.

Hoekom wou jy gehad het hy moes die voorsitter wees op hierdie stadium? -- Ek het hom vertrou as 'n ouerige persoon dat hy hierdie vergadering sal laat vlot, want hy het maar ook 'n verantwoordelikheid gehad by sy werk. So, 'n persoon soos daardie een, kan verantwoordelik gehou word. (10)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Waar het hierdie bespreking plaasgevind? Was dit by die kantoor van die vakbond of was dit by u pastorie? -- Dit was in my kantoor gewees.

MNR. JACOBS : Hoekom wou jy nie voorsitter gewees het van daardie vergadering nie? -- Ek het nooit gesê dat ek nie een wou gewees het nie.

Maar ek vra nou vir jou, hoekom het jy vir Hlubi gevra, hoekom wou jy dit nie self wees nie? -- Ek het mos nou net redes verstrekk en beskryf watter tipe persoon hy is, naamlik dat hy 'n ouerige persoon is en 'n verantwoordelike persoon (20) is en wat verantwoordelik gehou kan word.

HOF : Ek neem aan dieselfde geld vir u? -- Ja, wat die verantwoordelikheid betref. Hy is net so goed soos ek.

MNR. JACOBS : Het jy voor daardie vergadering van die 19de enige inligting aan mnr. Hlubi gegee omtrent die sprekers op die vergadering? -- Oor 'n spreker, ja.

Wat se inligting het jy vir hom gegee? -- Dat ek 'n persoon gekry het wat die Sondag 'n spreker gaan wees.

Wanneer het jy vir hom die inligting gegee? -- Dit was terwyl ons daar by my huis vergader het, waar ek dit aan (30)

hulle/...

hulle oorgedra het van wat ek in Johannesburg uitgevind het.

Het jy vir hulle gesê wie is die spreker? -- Sover as wat ek kan onthou, onthou ek dat ek hulle ingelig het wie die spreker is.

HOF : Dit is nou beskuldigde nr. 16? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het jy vir hom enige ander inligting gegee omtrent beskuldigde nr. 16? -- Ja, ek vermoed so.

Nie vermoed nie. Ons vra nou die feite? -- Ja, dit is so, ek het hom ingelig, want hy moes ook gevra het wie die persoon is. Kyk, ek praat hier met 'n ouerige persoon wat(10) eintlik moet vra wat is wat.

HOF : Hoe oud is mnr. Hlubi? -- Ek skat sy ouderdom 30 plus, 32 of om en by 34. Dit is na skatting. Dit is as ek nie 'n fout begaan nie.

MNR. JACOBS : Behalwe dat jy vir hom gesê het jy het 'n spreker gekry en sy naam is mnr. Manthata, het jy vir hom enige ander inligting gegee oor die spreker, beskuldigde nr. 16? -- Ja.

Wanneer? -- Dieselfde tyd toe ons vergader het by my huis. (20)

Wat se inligting? -- Wie hy is, waar hy werksaam is en hoe ek hom leer ken het en van waar.

Is dit al? -- Ja, na my mening is dit wat belangrik is.

Het jy vir hom gesê aan watter organisasies, mnr. Manthata, beskuldigde nr. 16, behoort? -- Ja, ek het dit aan hom bekend gemaak hoe ek die persoon ken, aan watter organisasie hy betrokke is.

Het jy op daardie stadium gevra dat hy mnr. Manthata moes voorstel op die vergadering van 19 Augustus 1984? -- Ek is nie seker of ek gesê het dat hy hom sal moet voorstel (30)

of/...

of dat ek gesê het dat ek hom sal voorstel nie. Ek is nie seker nie, maar hy as h voorsitter sal wees wie hy voorgestel het en wat toe verder gebeur het.

As jy hom gevra het om vir beskuldigde nr. 16, mnr. Manthata, voor te stel, dan neem ek aan jy sou sy lewensgeskiedenis en wat die mense moet weet vir hom neergeskryf het en vir hom gesê het dit is sy besonderhede wat hy vir die mense moet vertel? -- Ek het sulke agtergrond aan hom oorgedra. Dit was dus vir hom om te besluit of hy dit gaan neerskryf of nie, maar dit was nie vir my nodig om die (10) agtergrond neer te skryf vir die voorsitter nie.

Het jy ooit aan iemand anders bekend gemaak dat Hlubi vir beskuldigde nr. 16 sou voorstel op die vergadering? -- Herhaal die vraag?

Het jy op enige stadium vir enigiemand gesê dat Hlubi sal vir mnr. Manthata, beskuldigde nr. 16, voorstel op die vergadering? -- Ek onthou nie.

Het jy dit nie daar by jou huis aan enigiemand gesê nie? -- Dit was Hlubi.

Net aan Hlubi? -- By my huis ek, Hlubi en Nozipo het (20) eenkant gaan staan en toe die vergadering bespreek, watter prosedure gevolg sal moet word op hierdie vergadering.

So, daar was h kookus gehou by jou huis tussen julle drie? -- Nee, dit is nie ek wat van h kookus praat nie. Ek het ook nie melding gemaak van h kookus nie. Ek het gepraat van mense wat bymekaar gekom het en toe die prosedure wat gevolg moet word daar bespreek het, die een doen dit en die ander een doen dat. Noem u dit h kookus?

Is dit nie h kookus tussen julle drie hoe dat hierdie vergadering ... (Hof kom tussenbei) (30)

HOF/...

HOF : Moet ons nou val oor 'n twis oor die begrip koukus wat u op een manier sien en die getuie op 'n ander manier sien? Bly nou maar net daarby wat daar gesê is.

MNR. JACOBS : In jou getuienis-in-hoof het jy gesê dat jy het dit daar aangekondig by jou huis dat mnr. Manthata voorgestel sal word deur mnr. Hlubi? -- Ja, ek het so gesê dat hy deur Hlubi voorgestel sal word.

So, jy kan nou onthou dat jy vir Hlubi gesê het hy sal vir voorstelling moet doen? -- Ek het hom vir die tweede keer daar gesê, want ek het hom alreeds vroeër in die week (10) daarvan gesê.

Kom laat ons dan net verder gaan omtrent hierdie petisie, op die 19de na die vergadering het jy en Hlubi en Myeza enigsins die petisie bespreek voor 26 Augustus 1984? -- Ja, ons mekaar daaraan herinner dat ek 'n prokureur moet gaan sien om die nodige voorbereidings te doen.

Wanneer het julle mekaar daaraan herinner? -- Na die vergadering.

Wanneer na die vergadering? -- Na die vergadering uiteengegaan het by my huis. (20)

HOF : Op dieselfde dag? -- Ja, dieselfde dag, die 19de.

MNR. JACOBS : Was dit net julle drie bymekaar? -- Ja.

Het julle weer dan bymekaar gekom vir die doeleindes om 'n bespreking te voer oor die petisie by jou huis? -- Nie net die petisie nie.

Onder andere die petisie? -- Ja en die "court interdict". Dit is die dinge waarvoor ek die prokureur moes gaan raadpleeg het.

Na hierdie - kom laat ek dit net afhandel. Hierdie vergadering by jou huis, daar het julle nie petisie opgetrek (30)

en/...

en voorberei dat dit beskikbaar is nie? -- Nee, dit was nie nodig gewees om nog 'n petisie daar op te stel nie, want die eerste keer toe ek na die prokureur toe gegaan het, het ek alreeds die opgestelde dokument van die petisie met my saamgeneem waarin die prokureur insae gehad het. Dus, toe ek nou hierdie keer moes gegaan het, was dit nie nodig nie, want hy het al daarvan geweet.

Was die prokureur tevrede met die inhoud van daardie konsep wat jy die eerste keer opgetrek het en na haar toe gevat het? -- Ek neem so aan, ja. (10)

Het sy dit vir jou teruggegee of het sy dit gehou? -- Sy het dit teruggegee.

Daarvan het julle nie afdrukke gemaak na die vergadering van 19 Augustus tot 26 Augustus 1984 nie? -- Nie sover ek onthou nie.

Het julle op hierdie byeenkoms na die vergadering van die 19de bespreek hoe dat die petisie versprei moes word, wie sou verantwoordelik wees? -- Sover ek onthou moes ek eers die prokureur weer gaan sien het alvorens ons dit kon doen. (20)

Op hierdie vergaderinkie was daar dus nie besluit hierdie persone moet werk en daardie persone moet werk nie. Jy moet nog eers gaan vasstel wat is die posisie? -- Ja, dit is wat ek onthou dat ons niks gedoen het nie.

Kan ek dit so aan jou stel, tot hierdie dag van die 19de, na daardie vergadering, was daar nog geen ander persoon betrokke by hierdie petisie wat gewerk het met die petisie nie? Niemand nie?

HOF : Dit is dus tot die einde van die dag van die 19de?

MNR. JACOBS : Van die 19de? -- Al wat ek weet is dat dit (30)

in/...

in die besit van Hlubi was toe ons my woning verlaat het.

Wanneer? -- Terwyl ons daar bymekaar gekom het by my huis, dit wil sê die middag van die 19de.

Is dit nou na die massavergadering? -- Dit is na die vergadering, nie die massavergadering nie. Na die vergadering wat by die kerk gehou was, het ek, Hlubi en Nozipo vergader by my huis. Dit is die stadium wat ek van praat.

Tot op daardie stadium, laat ons dit net duidelik kry, het niemand anders, geen ander persoon iets te doen gehad met die petisie om dit uit te neem of om handtekeninge te(10) kry of enigiets van die aard nie? -- Dit weet ek nie van nie.

Wat bedoel jy nou, dit weet ek nie van nie? Is dit dat jy nie kan onthou of mense handtekeninge ingesamel het nie of wat bedoel jy? -- Daarby bedoel ek ek het net geweet wat met ons drie gebeur. Wat nou met die ander mense gebeur het, weet ek nie.

Op daardie vergadering van die 19de was daar ook nie handtekeninge versamel van mense om die petisie te teken nie? -- Ek kan dit nie onthou nie.

HOF : Beteken dit u sou dit onthou het as dit gebeur het(20) of beteken dit dat dit moontlik is dat mense handtekeninge daar versamel het? -- Daarby bedoel ek dat ek dit sou onthou het, want ek sal vir u sê hoekom ek so sê. Dit is omdat ek, Hlubi en Nozipo na hierdie vergadering nog 'n aankondiging gemaak het dat daar nog aangegaan word met die navorsing van die wet op daardie aspek.

MNR. JACOBS : Jy het gesê dat toe jy en Hlubi en Nozipo bymekaar gekom het in jou huis na die vergadering, het jy die vorm of die konsep van die petisie aan Hlubi gegee. Hoekom? -- Ek het dit aan hom gegee. (30)

Maar/...

Maar ek vra vir jou hoekom? Wat is die rede? Daar moet tog h rede wees? -- Hy wou insae daarin gehad het.

Het hy dit gelees? -- Ek vermoed so dat hy dit gelees het. As hy dit van my af wou gehad het, moes hy dit gelees het.

Het hy dit vir jou toe teruggegee? -- Ja, ek vermoed so.

Hoekom vermoed? Jy het mos die dokument en jy moet deurgaan na die prokureurs toe? -- Indien hy dit nie aan my teruggegee het nie, weet ek hoe om dit te verkry vanwaar hy werk en ek kon dit gaan haal. (10)

Kom, jy moet mos weet, het jy daardie dokument later - kom ek stel dit aan jou, het jy daardie dokument weer gesien? -- Wanneer? Dieselfde dag?

Enige tyd nou, want ek wil probeer vasstel by jou wat het van daardie dokument geword? -- Ja, op die ou end het ek dit gesien.

Wanneer is die ou end nou? -- Ons het mos die goed die Sondag van die 26ste versprei en ook op 2 September 1984.

Die eerste wat jy dit gesien het vanaf die Sondag van die 19de was Sondag die 26ste? -- Ja, maar u vorige vraag (20) was u wou geweet het of ek dit ooit weer te enige tyd gesien het. My antwoord op hierdie laaste vraag is, ja, ek het dit weer die 26ste gesien, na die 19de.

Kom ek maak dit vir jou makliker. Ek vra weer my eerste vraag vir jou. Hoekom het jy daardie dokument vir Hlubi gegee? As dit net was om dit te lees, kon hy dit gelees het in jou teenwoordigheid? Hoekom het jy dit dan vir hom gegee of het jy dit teruggevat van hom af? -- Daar was nie h rede vir my om hom te laat haas nie. Hy kon die goed gekry het en dit gelees het of by hom gehou het en as hy (30)

dit/...

dit by hom wou gehou het, maar as ek dit nodig gehad het, het ek geweet waar om dit te kry en hoe om dit terug te kry.

Asseblief, ek vra nie vir jou 'n argument, wat kon en nie kon nie. Ek vra vir jou die feite wat daar gebeur het. Is jy bereid om vir die Hof die feite te gee? -- Ek het gesê ek kan nie die goed so goed onthou nie en u wou toe 'n rede gehad het. Nou verstrek ek 'n rede op u vraag.

Het jy dit teruggekry by Hlubi of het jy dit nie teruggekry nie? -- Ek sê ek kan nie so goed onthou nie.

GETUIE STAAN AF.

(10)

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MNR. JACOBS : U Edele, beskuldigde nr. 19 is terug.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, na die vergadering van 19 Augustus 1984 toe jy met jou twee helpers vergader het, wanneer het jy weer met hulle vergader? -- Na die vergadering van die 19de het ons vergader.

HOF : Wanneer? -- By my woning.

Wanneer? -- Op dieselfde dag van die 19de na die algemene vergadering het ons by my woning vergader. (20)

MNR. JACOBS : Ja, maar ek praat juis van na daardie vergadering, wanneer het julle weer vergader? -- Dit was gedurende die week tussen die tydperk van die 19de en die 26ste.

HOF : By u woning? -- Nee, nie by my woning nie.

MNR. JACOBS : Waar? -- Ek het by die kantore van hierdie helpers van my aangedoen te Vereeniging.

Kan jy onthou watter dag van die week dit was? -- Ek kan nie onthou nie.

Was dit net een keer wat julle vergader het tussen die 19ste en 26 Augustus 1984? -- Ja, sover ek onthou. (30)

Net/...

Net die een keer? -- Dit is hoe ek onthou. Dit kan wees dat ons miskien mekaar raakgeloop het in die dorp.

Ek praat nou nie net van wanneer julle terloops ontmoet nie. Ek praat van vergadering hou? -- Ja, ek sê die enigste keer wat ek onthou is die dag wat ek by hulle in die kantore aangedoen het waar ons vergader het.

Hoekom het jy by hulle aangedoen en daar vergadering gehou? -- Ek was by die dorp gewees en dus het ek my voertuig in die nabyheid van die kantore gelaat.

Hoekom het julle vergadering gehou? -- Dit is na ek (10) die boodskap van Johannesburg af gekry het na ek met mev. Buthelezi gepraat het dat ek daar aangedoen het.

Dieselfde dag?--Ek kan nie onthou nie, want ek gaan baie-maal dorp toe in 'n week.

Wat het jy van mev. Buthelezi verneem omtrent die petisie? -- Dat mense name kan op skryf en ons moet nie die twee resolusies vergeet wat ons van gepraat het nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Is die vraag wat is verneem van mev. Buthelezi?

MNR. JACOBS : Ja, wat het sy hom ingelig omtrent die petisie. (20)

HOF : Wat is u antwoord op wat u verneem het van mev. Buthelezi oor die petisie? -- Herhaal 'n bietjie die vraag.

Ek was onder die indruk dat u besig was om iets anders te beantwoord as wat gevra is. Die vraag was, u het met mev. Buthelezi gepraat en u het verneem oor die petisie. Toe het ek gevra wat het u verneem van mev. Buthelezi oor die petisie? -- Dat dit volgens die wet gedoen kan word. Dit wil sê die petisie kan gedoen word.

Dit is al? -- Kortliks, ja. Dit is wat ek kan onthou.

MNR. JACOBS : Jy kan nie onthou dat sy iets meer gesê het (30)
van/...

van die petisie nie? -- Dit kan wees dat sy iets anders ook gemeld het, want ek sal u sê, toe ek haar gaan sien het, het dit gegaan oor die petisie en die "court interdict".

HOF : Nee, maar laat ons nou net duidelikheid kry. Ek was onder die indruk dat dit 'n telefoniese gesprek was? -- Ja, dit is wat ek sê.

Dus as u praat van dat u haar gaan sien het, dan verwys u na 'n vorige geleentheid? -- Ja, as ek praat van dat ek haar daaromtrent gaan sien het, was toe ek na haar toe gegaan het voor hierdie telefoniese boodskap wat ek van haar gekry het. (10)

MNR. JACOBS : Jy het nou die boodskap gekry dit is wettig om aan te gaan met die petisie, jy het by Hlubi en Myeza gekom, vertel vir ons wat het in daardie vergaderinkie van julle gebeur? -- Dat daar voortgegaan moet word met die petisie, die mense sal dit moet teken.

Is dit al? -- Dit is wat ek onthou.

Is dit al wat jy onthou wat julle bespreek het op daardie vergadering? -- Ja, u vra mos oor die petisie?

Ja? -- Ja, dat daar voortgegaan moet word met die petisie.

HOF : Maar daar moet tog iets meer gesê wees oor die petisie. (20) Die petisie ontstaan nie vanself nie? -- Daar moet voortgegaan word met die petisie deurdat dit rondgeneem moet word.

MNR. JACOBS : Kom ons kry dit 'n bietjie duideliker. Miskien kan jou geheue aangevul word. Waar was die konsep wat julle opgetrek het vroeër op hierdie stadium toe julle hierdie vergadering gehou het? -- Dit is bevat in die petisie self. Dit wil sê wat ons voorberei het as inhoud van die petisie is nou ingelyf in die petisie self.

Nou vra ek weer vir jou waar was die konsep op daardie stadium? Was dit daar by julle teenwoordig of nie? -- (30)

Dit/...

Dit was ook by hierdie vergadering gewees waar ons die vergadering gehou het.

Hoe het dit by die vergadering gekom? -- Ek kan nie onthou nie. Wat ek weet is dat dit daar was.

Het jy dit soontoe gevat? -- Ek onthou nie, dit is moontlik, maar hierdie is 'n gebeure wat lank gelede plaasgevind het.

Het julle daarso 'n nuwe petisie opgetrek? -- Ek kan nie meer so goed onthou of ons nou 'n ander een daar opgestel het en of ons nou hierdie een gebruik het en maar net 'n dupli- (10) kassie daarvan gemaak het nie, maar die bewoording van die twee is dieselfde.

Jy sien, hoekom ek dit vir jou vra is, 'n rukkie terug toe ek vir jou gevra het waar was die konsep, toe sê jy dit is opgeneem in die petisie wat julle daar gemaak het? -- Dit moes opgeneem gewees het. As dit aanvaar is, behoort dit opgeneem te word.

Wie het dit aanvaar? -- Die drie van ons het dit aanvaar.

So, met ander woorde, julle het die bewoording van die petisie daar bespreek? -- Ja, dat dit moet staan as 'n petisie. (20)
Dit is so.

En julle het toe besluite geneem daar, die drie van julle oor die petisie? -- Ja, dit is 'n besluit wat ons aanvaar het.

'n Eenparige besluit? -- Ja, op die einde was dit gewees.

Kan jy vir die Hof sê waarom het julle toe eenparig besluit daar op daardie vergaderinkie wat die inhoud van hierdie petisie is, die kopstuk? -- Dat dit die twee resolusies wat aanvaar is op die vergadering van die 12de heel bo moet bevat. Dan daarna die name en adresse van persone wat teken op hierdie petisie. (30)

Wat/...

Wat het julle daar neergeskryf heel bo aan hierdie ding?

MR BIZOS : There is an observation which I wish to place on record. Just stand there, please, as you were standing, Mr Jacobs. The prosecutor has been standing in the pose in which he has been standing with those documents for the last twenty minutes. I would like to think that it is not for the purpose of indicating to the witness that that petition is available. If it is available, we have been looking for it without success because we believe that it was at some time or another in the possession of the police. (10) I submit with respect, as Your Lordship called on me at one stage when I made reference to a note, whether I had it or not, that the prosecutor having posed in this way for the last twenty minutes, should let Your Lordship know whether the petition is available or not.

MNR. JACOBS : As ek die petisie beskikbaar gehad het kon ek seker dit op enige stadium wanneer dit my gepas het ingebring het in die ding. Hierdie is my notas wat ek net hierna aan hom wil stel. Dit is my eie handskrifnotas en die volgende bewysstukke wat ek aan hom gaan stel oor hierdie petisie, (20) volg hierna.

HOF : Gaan voort.

MNR. JACOBS : Ek dink my laaste vraag was wat het julle in die kopstuk van hierdie petisie geskryf? -- Wat daar geskryf gestaan het, was dat ons, die inwoners van Sharpeville, wie se name hieronder volg, versoek dat die verhoging in huur, die bedrag waarmee die huur verhoog word, moet gestaak word. As dit nie so gedoen word nie, moet die raadslede bedank. Dan wat daarna gevolg het was drie kolomme wat soos volg verdeel was. Die eerste kolom sou die naam van die (30) persoon/...

persoon bevat, die tweede kolom die adres van die persoon en in die derde kolom, die permitnommer. Dit wil sê die permitnommer van die houer van die permit-

Het julle op die petisies toe redes aangevoer waarom julle vra of aansoek doen dat die huurverhoging nie in werking gestel moet word nie? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar dit behoort daar te gestaan het. So iets behoort eintlik daar geskryf te gewees het.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Sê u dit moes deel van die kopstuk gewees het? -- Ja. (10)

En sê u u onthou nie of dit daar was nie? -- Ons het daarvan gepraat en hierdie ding het eintlik lank gelede gebeur. Ek kan nie meer so goed onthou nie. Ek het ongelukkig nie meer een nou nie. As ek een gehad het sou ek dit sommer voor die Hof gesê het.

Nee, maar u sê u onthou nie of dit daar was of nie daar was nie? -- Ek sê dit kan wees dat dit die rede so vervat het, ja.

MNR. JACOBS : Net om hierdie petisie van julle nou reg te verstaan, is dit die kopstuk bo en op dieselfde bladsy is die (20) kolomme? -- Ja.

Was die vorm voorberei in groot hoeveelhede daar, daardie dag terwyl julle die vergadering gehou het? -- Ek het versoek dat daar baie van hierdie vorms gemaak moet word.

Aan wie het jy die versoek gerig? -- Aan Nozipo waar sy bygestaan was deur Peter Hlubi.

Was die beplanning van julle gewees as julle baie van dit maak, dat net daardie bladsy gebruik word met die kopstuk bo en dan die lys onder gebruik sou word elke keer, maar nie los blaai vir handtekeninge nie? -- Al het ons ander (30)

blaai/...

blaaie gekry om aangeheg te word, was dit ook reg.

Ek vra nie wat ook reg was nie. Ek wil presies weet wat daar gebeur het, wat het julle besluit? -- Die ooreenkoms was dat daar nog ander blaaie aangeheg sal word.

Met die kolomme? -- Wat kon gebeur het daar is die volgende. Dat 'n persoon sommer met gewone blaaie daar gekom het wat kolomme het wat geteken is met al die ander besonderhede behalwe dat die persoon nie die blaaie het met die kopstuk van hierdie petisie nie. Wat dan sou gebeur het is dat ons hierdie dik blad sou gebruik het, dit wil sê met die (10) kopstuk van die petisie en dit aanheg op dit wat hierdie persoon as handtekeninge verkry het in 'n vorm van 'n "staple" in een hoek wat dit dan vasheg om die petisie te toon.

Met ander woorde, verstaan ek dan reg, mense kon handtekeninge versamel sonder dat hulle sien wat staan daar en wat is julle petisie? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is dat byvoorbeeld soos ek, sê nou ek het net een vel gekry van hierdie petisie met die kopstuk daar bo en nou kry ek meer mense om te teken en dit word nou vol geteken en daar is nog mense wat moet teken, dan kan ek gebruik maak van (20) 'n vel papier waarop die mense kan teken maar wat nogtans aangeheg gaan word aan hierdie oorspronklike een met die hoof van die petisie.

Miskien kan ek net iets hier duidelik kry. Daar waar die mense op die 26ste se vergadering teken, is daar geen kopstuk nie. Is dit reg? -- Ek het gesê dit was nie 'n petisie gewees nie.

Is dit dan korrek om te sê dat op die 26ste se vergadering self het niemand 'n petisie rondgeneem en 'n petisie geteken nie? -- Nee, u is nie reg nie. (30)

Verskyn/...

Verskyn enige persoon op die opname wat voor die Hof is waar h'n petisie geteken word? -- Wat daar gedoen word, dat daar versamel word is die name en dit het betrekking op twee dinge waar die name gebruik kan word.

Ek dog dan jy net nou-nou vir die Hof gesê daardie persoon wat die goed daar rondneem wat ons hier gesien het is nie h'n petisie wat hulle teken nie? -- Ek het nog nie so gesê nie.

Nou wil ek nog weer my vraag herhaal. Op hierdie opname wat in hierdie hof vertoon is, BEWYSSTUK 40, waarvan ons (10) V31, die transkripsie, hier het, verskyn daar enige plek in die opname wat sigbaar was, wat vertoon was hier in die hof enige persoon wat h'n petisie rondneem vir handtekeninge? -- Ek is bewus daarvan dat daar iets rondgeneem word, maar dit is nie h'n petisie nie.

HOF : As ek dit reg het was dit h'n boekie met h'n spiraal? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : En jy sê dit is nie h'n petisie nie? -- Ja, ek het mos verduidelik hoe lyk die petisie. Ek het ook aan u gesê, dit wat u daar sien, gaan gebruik word op twee ver-(20) skillende maniere.

Was daar enigsins h'n petisie rondgeneem op daardie vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ek vermoed so, ja. Ja-nee, daar was petisies gewees.

Hoeveel? -- Baie.

Is daar verskillende persone wat daar rondgeloop het in die vergadering en handtekeninge gekry het? -- Dit was rondgegee in die sin dat dit in een gegee is. Die persoon het dit geteken en aangegee aan die ander. Op daardie manier is hierdie petisie daar gebruik om die handtekening(30)

te/...

te bekom.

Wie het dit daar aan die mense oorhandig om dit so aan te stuur? Wie is die persoon? -- Ek het nie gesien wie die persoon is wat dit te voorskyn gebring het nie. Wat ek wel gesien het is dat dit oorhandig word aan verskillende mense.

Maar jy is mos die man wat direk daarby betrokke is om hierdie petisie geteken te kry en te sien dat dit geteken word. Hoe kan jy nou vir die Hof sê jy het nie eers gesien wie het dit oorhandig nie? -- Ek kan nie alles doen op dieselfde tyd nie. Ver wag u nou dat ek daar 'n toespraak moet (10) lewer en terselfdertyd tussen die gehoor rondstap?

Is dit jou antwoord? -- Ja.

Kan jy vir ons sê, sou 'n mens nie dan verwag het dat 'n mens met die opname een van daardie petisies moes gesien het waar die mense dit teken nie? -- Ek weet daarvan dat dit nie sigbaar is nie of nie gesien kan word nie op hierdie opname.

Kom laat ons hierdie ding nou net 'n bietjie verder neem. Wie is die persoon wat op hierdie vergadering van 26 Augustus vir die mense daar versoek het "Kyk, ons het die (20) petisie-vorms, sal julle asseblief teken"? -- Die voorsitter.

Wie was dit? -- Peter Hlubi.

Het jy by die tafel gesit op daardie stadium? -- Ja, daar was 'n tydperk wat ek net daar gesit het sonder om iets te sê.

Toe hy dit gedoen het, het jy gesien dat hy dit doen? -- Ja, toe hy dit gesê het, het ek.

Waar was die petisie-vorms toe gewees toe hy gesê het dit is beskikbaar? -- As 'n mens mooi kyk na daardie video-opname is daar 'n plek waar Peter 'n dokument in sy hand het, net (30)

soos/...

soos u daar staan met die dokumente in die hande.

Ja, wat beteken dit? -- Dat hy die dokument in sy hand gehad het.

Is dit die petisie? -- Ja, ek praat van die petisie.

So, hy het die petisie in sy hand gehad.

Was dit net een of was dit 'n pak van hulle gewees? --

Hy het petisies by hom gehad en dit het hy gehou soos u daardie dokumente hou.

HOF : Soos u die dokumente hou is met twee gevoude hande en in die middel daarvan is daar 'n opgerolde aantal dokumente, (10 redelik styf opgerol. -- Mag ek verduidelik?

Ja? -- Wat ek verduidelik is dat hy staan nie met die vorms presies soos u dit beskryf het soos die Staatsadvokaat staan nie, maar hy staan met dokumente opgevou op dié manier wat die Staatsadvokaat die vorms opgevou het, soos ek nou demonstreer met hierdie dokument voor my.

U demonstreer met die linkerhand en in die linkerhand is daar 'n opgerolde aantal dokumente. -- Ek sê nie spesifiek dat hy dit in die linkerhand of regterhand gehad het nie. Al wat ek sê is, hy het net opgevoude dokumente by hom gehad (20) in sy hande. Watter een kan ek nie sê nie.

MNR. JACOBS : As jy praat van opgevoude, praat jy eintlik van opgerolde dokumente. Laat ons nie daarvoor verwarring kry nie? -- Ja, soos dit nou hier in die tolk se hande is.

Op watter stadium in die vergadering was dit? Die begin, middel of aan die einde se kant toe? -- Wat ek onthou as 'n mens na die video-opname kyk, is waar die gesingery van Nkosi Sikilele e Afrika plaasvind.

So, dit eers aan die einde van die vergadering wat hy die aankondiging gemaak het en die vorms beskikbaar gestel (30)

het/...

het? -- Wat ek sê is dat net voor die sluiting van die vergadering het Hlubi 'n aankondiging gemaak dat daar vorms beskikbaar gestel gaan word vir hierdie petisie en elke area (deur die getuie na verwys as 'n zone) het mense. Die getal van die mense wat in beheer is van die petisie sou drie gewees het. Ek het fouteer. Laat ek iets korrigeer daar. Dit was 'n voorstel van mnr. Mkwanazi gewees dat die petisie volgens die zones uitgevoer word. Dit wil sê die area as geheel sal in zones verdeel moet word. Wat dan beteken het volgens hom dat elke zone 'n persoon sal hê wat te doene (10) sal hê met die uitvoering van die nodige stappe met betrekking tot die petisie. Na aanleiding van hierdie voorstel het Hlubi toe verneem by die vergadering of die nou aanvaar word as 'n resoluëie van die vergadering, waarop daar toe besluit was dat dit aanvaar word as 'n resoluëie.

Is jy klaar? -- Ja, dit is hoe ek dit onthou.

Ek sal nou daarnatoe terugkom. Ek wil net iets by jou vasstel op hierdie stadium, dan sal ek terugkom na my oorspronklike vraag toe. Kan jy vir die Hof sê, was dit die eerste keer dat ten aansien van hierdie hele petisie-vraag-(20) stuk dat dit gemeld is en 'n voorstel gekom het dat Sharpeville opgedeel word in wyke en dat daar mense in die wyke verantwoordelik sal wees om die petisies rond te neem? -- Ja.

Dit was nog nooit voor hierdie datum van die 26ste ter sprake dat Sharpeville opgedeel sou word in zones of in wyke nie en dat daar mense in die wyke in beheer sou wees nie. Is dit reg? -- Ja.

Nou wil ek weer vir jou vra, was dit aan die end van die vergadering toe Hlubi die petisievorms beskikbaar gestel het, net voor Nkosi Sikilele e Afrika gesing is? -- Ja, dit(30)

wat/...

wat hy gehad het.

En het hy dit uitgedeel aan mense daar om onder die gehoor te versprei of het hy net gesê dit is beskikbaar? -- Hy het gesê die vorms is beskikbaar, laat hulle die vorms kom kry om die name op te skryf.

So, hy het dit nie uitgedeel nie. Daarvan is jy ook seker? -- Maar is dit nie waar dat n persoon wat n vorm kom kry om die naam opgeskryf te hê sal hierdie vorm moet kry nie?

Kan jy vir ons sê, het hy dit uitgedeel, vir enige persoon gegee en gesê "Hier is die vorm"? -- Ja, dit het gebeur. (10)

K760 Aan wie het hy dit gegee? -- Dit is aan die gehoor gegee, die mense wat die vergadering bygewoon het.

Het hy in die vergadering ingeloop en by die rye gegaan en aan elke ry n vorm gegee? -- Nee.

Jy sê na hy dit gesê het dat die vorms is nou beskikbaar dié wat wil teken kan die vorms kry, het julle Nkosi Sikilele Afrika gesing? -- Ja.

En as julle dit sing staan julle almal regop? -- Laat ek net iets korrigeer. Sal u net die vorige vraag herhaal waarop ek geantwoord het? (20)

Ek het gevra nadat hy die aankondiging gemaak het die vorms is beskikbaar, die mense kan dit kom kry hier by hom, het hy toe aangekondig nou gaan julle Nkosi Sikilele Afrika sing want dit is nou die einde? -- Die korreksie is, na hy die aankondiging gemaak het van die beskikbaarheid van die vorms vir hierdie petisie het ek iets te sê gehad aan die vergadering. Na ek dit gesê het, het ek toe aangekondig dat Nkosi Sikilele gesing kan word.

Wat het jy aangekondig? -- Ek het gesê indien daar enige persoon is wat in staat is om hierdie lied te lei, sal daardie(30) persoon/...

persoon asseblief na vore kom om die leidende rol te speel in die sing van Nkosi Sikilele.

Dit was n baie kort aankondiging. Is dit reg?-- Wie s'n? Myne?

Ja? -- Ja, dit was n kort aankondiging.

En toe jy dit aangekondig het, het die mense begin opstaan? -- Ja en sing Nkosi Sikilele.

Sekerlik toe hulle Nkosi Sikilele gesing het, het hulle nie petisies geteken nie? -- Normaalweg gebeur dit nie. Al het dit gebeur, betwis ek dit nie. (10)

Want ek wil aan jou stel, daar is niemand, daardie mense staan almal met hulle regterhand omtrent in die lug en hulle sing en hulle staan soort van op aandag en daar is geen petisie wat daar rondgaan en wat geteken word volgens die beed wat ons hier gesien het in die hof nie? -- Dit is nie die waarheid as u stelling is dat almal die vuis opgelig het nie. Ekself het nie die vuis in die lug gehou nie en dit is duidelik op hierdie opname dat nie almal die mense lig die vuis nie. Ek het verder gesê normaalweg word dit nie gedoen dat terwyl Nkosi Sikilele gesing word, dat daar mense is wat besig is (20) om te teken nie. Indien dit gebeur het, sou ek nie daarteen gekant gewees het nie. Dit is hoekom ek sê u stelling is nie die waarheid nie.

Het jy gesien dat mense terwyl Nkosi Sikilele Afrika gesing word petisies geteken het? -- Ek het dit nie gesien nie.

Jy sien, jy moet saam met my stem by die geleentheid toe Hlubi aangekondig het dat die vorms is beskikbaar, die eerste keer vir die mense gesê het en direk daarna is Nkosi gesing, dat daar kon nie op daardie vergadering petisies (30)

rondgestuur/...

rondgestuur gewees het om geteken te word nie? Om verder dit te vat, soos jy dit hier in die hof beskryf het dat hulle gesit het en dan teken hulle hom en gee hom aan, een na die ander? -- As dit die waarheid is waarna u verwys, sal die waarheid dan duidelik moet wees. Dit is nie korrek dat ek gesê het mense het daar gesit en die petisies geteken nie. Ek sê verder indien hulle dit geteken het, dit kan wees dat hulle dit geteken het, maar ek sê nie dat hulle daar gesit en teken het nie. Wat ek sê daar gebeur het is dat ek opgemerk het dat daar 'n dokument hand tot hand oorhandig (10) is tussen die gehoor wat daar gesit het.

Verwys u nou na die dokument in daardie boek met die spiraal veer wat die blaaie hou? -- Ek sê ek het 'n dokument gesien wat hand tot hand gegaan het tussen die gehoor. Daarby bedoel ek die petisie. Ek praat nie van iets anders nie. Dit wat u ook van praat het ek gesien dat dit plaasgevind het.

So, jy het nou 'n petisie gesien rondgaan tussen die mense voordat Hlubi die aankondiging gemaak het? Is dit nou jou getuienis? -- Ek sê ek het 'n dokument daar gesien (20) oorhandig word, ja, want aan die einde van hierdie vergadering was daar van hierdie dokumente beskikbaar gewees wat alreeds geteken is.

So, jy het gesien dat daardie dokumente gaan rond en hulle is van persoon tot persoon gegee voor Hlubi sy aankondiging gemaak het? -- Ja.

Het jy gesien dit is die petisieform wat daar so rondgaan van hand tot hand? -- Volgens my siening, ja.

Het jy gesien waar daardie vorm oorspronklik vandaan gekom het dat hy tussen die gehoor beland het? -- Ja. (30)

Waarvanaf/...

Waarvanaf het hy gekom? -- Van ons. Hlubi het dit aan iemand oorhandig. Vir my om te kan sê dat dit nou die dokument was wat oorhandig is van mens tot mens daar, dit kan wees dat daar nog n ander vorm beskikbaar was tussen die gehoor.

Jy weet nie, jy raai nou net, nê? -- Nee, dit is nie n raaisel wat ek hier vertel nie. Kyk, ek staan daar en is besig om n toespraak te maak en ek gooi my oë na my regterkant en daar sien ek n dokument wat oorhandig word van persoon tot persoon. Dit is nie n raaisel nie.

Maar hoekom sê jy nie vir die Hof reguit dit is die (10) petisie nie? Nou sê jy daar kan nog n ander een wees wat rondgegaan het? -- Ek sê ek het nie n opvolging gemaak van hierdie dokument nie, om te kan sien presies wie het dit aan wie oorhandig nie. Met die gevolg is, ek was nie in staat om vir u te kan sê dat dit nog steeds dieselfde dokument was nie.

Tydens daardie vergadering wat jy met Hlubi en Myeza gehad het nadat jy met mev. Buthelezi gepraat het en julle besluit het om die vorms te neem, het jy gesê daar moet baie vorms gemaak word, is dit reg? Petisievorms? -- Ja. (20)

Is daar toe baie gemaak? -- Ja.

En wanneer het jy die baie vorms die eerste keer gesien nadat julle besluit het dit moet gemaak word? -- Ek het gesê ek het dit gesien by hierdie vergadering daar waar Hlubi gestaan het.

Is dit die eerste keer wat jy die eindproduk gesien het van die petisie wat julle nou opgetrek het wat vir uiteinde-like verspreiding moes wees? -- Ja.

Jy het dit nie voor die vergadering gesien by Hlubi miskien nie? -- Nee, ek het mos by hierdie vergadering (30)

laat/...

laat opgedaag.

HOF : Hierdie vergadering is watter vergadering? -- 26 Augustus 1984.

MNR. JACOBS : Het jy nie vir Hlubi voor die tyd gesien en vir hom gesê jy gaan miskien laat wees nie? -- Ja, ek het aan hom so gesê.

Het jy nie toe by hom gesien of hy die vorms het of by hom verneem of hy die vorms beskikbaar het nie? -- Ek het hom nie gevra nie, maar hy het by hom gehad 'n koffer.

Hoeveel vorms het julle omtrent gemaak vir hierdie (10) petisie? -- Omtrent tweeduisend.

En is dit op afrol-papier gemaak, gedruk of hoe is dit gemaak? -- Roneomasjien.

Wie het betaal vir hierdie papier? -- My "parish" het daarvoor betaal.

Hoeveel? -- Ek weet nie.

Jy is dan die predikant? Het jy dan nie 'n rekening gekry vir die papier, hoeveel kos die papier nie? -- In my kantoor daar het ek 'n blanko bondel papier wat gebruik word vir die normale tikwerk. As ek dit daar uitvat, dan weet ek nie (20) wat dit werd is, of dit R10,00 is of minder of meer nie. Ek trek net daardie bondel uit. As ek die bondel uitgetrek het gaan ek miskien na die wasvel toe. Ek sal die wasvel vat. Ek weet nie of dit R5,00 kos of meer nie. Daar word nie aantekeninge gehou van hoeveel dit gekos het vir die materiaal wat gebruik word vir so 'n werk nie.

Sê jy nou vir die Hof dat jy het papier en wasvelle gevat by jou kerk en vir Hlubi gegee? -- Ja, dit is so.

En het jy vir hom tweeduisend velle papier gegee? -- Nee, ek het hom tweehonderd gegee. (30)

En/...

En hy het tweeduisend gedruk. Wie het die ander betaal?
-- Ek weet nie.

Hoekom het jy die kerk se papier gevat vir 'n vergadering wat nou nie meer 'n kerkvergadering is nie, maar 'n openbare vergadering? -- Dit was 'n kerkvergadering.

O, dit is nog 'n kerkvergadering? Dan is hierdie een van die 26ste, die petisie, was dit 'n kerkpetisie daardie een? -- Alles wat sorteer onder die kerkraad, ingeslote myself, word gedoen onder die beheer van die kerk.

Wanneer het jy nou hierdie wasvel en papier na Hlubi(10) toe?

HOF : Wasvel of wasvelle?

MNR. JACOBS : Wasvelle as dit meer as een was. -- Hy het dit by my kom haal.

Wanneer? -- Dieselfde dag wat ek met hulle vergader het in die dorp, na werk het Hlubi by my aangedoen om hierdie goed op te tel en is toe weg na sy woonplek toe.

Hoeveel wasvelle het jy vir hom gegee? -- As ek reg onthou het ek vir hom twee gegee.

Op die vergadering waar julle nou besluit het op die(20) petisie se bewoording en hierdie goed, het julle besluit hoe dit versprei moet word? -- Ja, maar dit word nie versprei nie, dit word net weggeneem.

Kom ons gebruik dan die woord rondgeneem. Het julle besluit hoe dit rondgeneem moes word? -- Al besluit wat geneem was, was dat dit rondgeneem sou word in die woonbuurte. Hoe dit gedoen gaan word het ons nie besluit nie.

Kan ek dan aanvaar dat tussen daardie vergadering en die vergadering van die 26ste is geen petisie rondgeneem in die woongebied nie? -- Tussen watter vergaderings? (30)

Daardie/...

Daardie kleintjie wat julle die dag besluit het nadat jy vir mev. Buthelezi geskakel het en julle daar was om die ding te druk en al daardie dinge en die 26ste Augustus se vergadering? -- Ja.

Wat ja? -- Op u vraag.

HOF : U kan dit aanvaar.

MNR. JACOBS : Die eerste handtekeninge, verstaan ek dit dan reg, volgens jou getuienis was gewees op die 26ste by daardie vergadering van die 26ste? Toe was die eerste handtekeninge versamel? -- Bedoel u op die vorm wat ek gesien het? (10)

Ek vra van enige handtekening op enige petisie was die eerste keer versamel op die vergadering van die 26ste, volgens jou getuienis? -- n Vorm wat ek gesien het wat geteken was was op die 26ste gewees.

HOF : Dit is nou nie die vraag nie. Die vraag is op die getuienis soos u dit aan die Hof voorgelê het maak die advokaat die afleiding dat die eerste handtekeninge versamel is op die 26ste Augustus. Is daardie afleiding korrek? -- Ek weet nie.

MNR. JACOBS : Jy self het nie n vorm rondgeneem voor 26 (20) Augustus 1984 se vergadering nie? -- Nee, ek het nie.

Het jy ooit n vorm rondgeneem vir handtekeninge? -- Nee, ek het nie.

Het jy self enige petisie geteken? -- Nee, ek het nog nie.

Tot vandag toe nie? -- Tot en met my in hegtenisname. Bedoel u miskien n vorm wat by die tronk gebring is? Nee.

Hoekom het jy nie self die vorm wat jy so belangrik geag het geteken nie? -- Ja, maar dit sou terugbesorg gewees het aan my. Ek kon enige tyd geteken het. (30)

Maar/...

Maar jy het die goed moes by jou gehad. Hoekom het jy nie geteken as voorbeeld vir jou gemeente op daardie vergadering van die 26ste nie? -- Ek is betroubaar en ek word vertrou deur die mense, soos 'n predikant. As ek iets oordra aan die persoon, dan vertrou die persoon my met dit wat ek gesê het.

Was daar enige besluit op enige stadium gewees dat wanneer hierdie petisie beskikbaar moet wees vir oorhandiging aan die Lekoa Stadsraad? -- Ja.

Wanneer was die besluit geneem en waar? -- Die vergadering van 2 September. (10)

Was dit toe vir die eerste keer op 2 September besluit waar die petisie oorhandig moes word aan die Lekoa Stadsraad? Ons verstaan mekaar goed daar? -- Ja, dat almal nou daar bymekaar moet wees. Dit was die 2de gewees. Ek het 'n aankondiging gemaak by die vergadering van die 2de dat diegene wat nog in besit is van hierdie petisie-vorms sal dit moet terugbesorg die volgende dag, dit wil sê die laaste die 3de, die oggend van die 3de. Dat dit terugbesorg moet word aan my deur dit aan die kinders te gee wat skool toe gaan om dit dan in te handig. (20)

Waar? -- By my woning.

Maar is dit nie so dat jy nie daar by jou woning sou gewees het die 3de nie? -- Ja.

As jy nie daar is nie, hoe kan hulle dit inhandig by jou woning by jou? -- Hulle sou dit in my woning gelaat het.

Was dit besluit wanneer sou dit oorhandig word aan die raad? Dit was my aanvanklike vraag. -- Nee.

Daar was nooit 'n besluit geneem wanneer dit by die raad oorhandig moes word nie? -- Nee.

Was daar ooit 'n besluit geneem, hetsy op 'n algemene (30)
vergadering/...

vergadering of op n vergadering wat jy gehou het saam met Hlubi en Myeza dat wie sou hierdie petisie gaan oorhandig aan die raad? -- nee.

Wie was in beheer van hierdie hele ding van die petisie?
-- Ons wat dit opgetrek het.

HOF : Die drie van julle? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het julle dit bespreek dat die drie van julle sou dit gaan oorhandig? -- Nee.

Hoe sê jy dan dat julle drie dit sou gaan oorhandig het? Het julle drie dit ooit bespreek wie dit sou gaan oorhandig en (10) wat sou gebeur met die petisie? -- Nee. Dit moet eers oorge- dra word aan die vergadering wat gehou moes gewees het dat hulle dan by die vergadering besluit wie die persone is wat die petisie sal gaan inhandig.

HOF : Wanneer moes die vergadering gehou word? -- Die 3de om 09h00. Diegene wat in staat was om nie werk toe te gaan nie, sou daar vergader het.

Waar sou dit oorhandig word? -- Dit sou weggeneem gewees het na die Lekoa Stadsraad.

MNR. JACOBS : By Houtkop? -- Al is dit daar. Al word dit (20) geneem na die plaaslike raadslede in Sharpeville, sal hierdie plaaslike raadslede dit dan verder wegbring na die raad se kantore toe. Dit was eintlik nie besluit nie, want daardie vergadering het toe nie plaasgevind nie. Dit is wat ek dink.

Wat bedoel jy daarmee om te sê dit is wat jy dink? -- Ja, maar die vergadering het mos toe nie daar plaasgevind nie.

Is dit nie so nie dat toe die besluite geneem was dat dit sou moes bespreek word op die 3de se vergadering, toe was daar nie sekerheid, toe was daar nie iets dat daardie vergadering nie sou plaasvind nie. Is dit reg? -- Ja. (30)

Die/...

Die beplanning was gewees dat daar sou 'n vergadering wees op die 3de by jou kerk. Is dit reg? -- Ja.

09h00 die oggend? -- Ja.

En die beplanning was gewees dat op daardie vergadering sal moet al die petisievorms beskikbaar wees? -- Ja, almal daar bymekaar.

En die beplanning was gewees dat op daardie vergadering van Maandag moet daar 'n besluit geneem word wie gaan die petisie neem na die Stadsraad toe? -- Waar? Waar besluit?

HOF : Op die vergadering van 3 September? (10)

MR BIZOS : No, My Lord, with respect, I think that the question was - the question that I understood that it is being put that, and I do not think that the evidence of the witness supports it, there was a decision on the 2nd that this would happen on the 3rd. That is how I understand the question.

HOF : Die vraag gaan oor die beplanning.

MNR. JACOBS : Ek het dit duidelik gestel.

HOF : Die beplanning was by die vergadering van die 3de - dat daar 'n vergadering op die 3de sou plaasvind.

MR BIZOS : Yes, that is what the question is directed at (20) as to what happened at the meeting of the 2nd and the answer of the witness was in relation to some of the things that My Learned Friend has bundled together. "Dit is wat ek gedink het."

MNR. JACOBS : My vraag was baie duidelik gewees, die beplanning was gewees op die vergadering wat hulle die 2de gehou het dat die volgende dag se vergadering gehou moes word, dat daar 'n besluit geneem moes word wie die petisie na die raad sou neem. Dit was sy getuienis soos ek dit aan hom gestel het.

HOF : Dit is ook soos ek dit verstaan het. (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : Yes, I am not quarrelling with that, except that the witness added to other things that have been left out, namely "Dit is wat ek gedink het" and also they may have decided to take it to the local councillors' houses. There was no - "Dit is wat ek gedink het" has been elevated to planning.

REKORD WORD TERUGGESPEEL.

HOF : Ons het nou na die stuk geluister wat genotuleer is. Die beswaar word afgewys. Stel weer die vraag.

MNR. JACOBS : Die beplanning was gewees dat op die (10) vergadering van 3 September om 09h00 in jou kerk, dan sou daar besluit moes word wie gaan die petisie neem na die Stadsraad toe? -- Nee, daar is nie so 'n besluit nie.

Wat was julle beplanning gewees, wat sou gebeur met daardie petisie dan as hy beskikbaar is Maandag, 3 September 1984 by die kerk? -- Dit is een van die dinge wat op die Maandag bespreek sou gewees het.

En sou daar 'n besluit geneem moes word daardie Maandag daaroor? -- Ja.

Was dit so beplan dat dit so bespreek moes word op (20) die Maandag? -- Daar is nie so 'n besluit nie. Die resoluëie van die vergadering op die 2de was dat diegene wat dit goed gevind het om beskikbaar te wees, die volgende dag wat hy nie werk toe gaan nie, sal bymekaar moet kom met die ander by my kerk. Dit is die resoluëie.

Bestaan daar by jou 'n verskil tussen beplan en besluit? -- Ja, byvoorbeeld, ek sal vir u sê wat die verskil is. As ek nou hier besluit om huis toe te gaan en voor ek by die huis kom word ek deur die polisie gearresteer, met ander woorde ek het nog nie voldoen aan my besluit nie, want ek het nie(30)

tot/...

tot by die huis gekom nie, dit wil sê op pad huis toe wat ek besluit het om te doen is ek voorgekeer deur die polisie en het ek afgewyk van my werk af.

HOF : Hoe het dit verband met beplan? -- n Beplanning en n besluit is twee verskillende dinge.

MNR. JACOBS : Nou goed, ons aanvaar dit is twee verskillende dinge, dat jy dit ook so sien. Hoekom dan, toe ek vir jou vra omtrent beplanning, antwoord jy op besluit? -- Op watter stadium?

Net my vorige vraag want ek het vir jou gevra was die(10) beplanning gewees, en nie die besluit nie, dat op die vergadering van 3 September 1984 dat daar sal n besluit geneem word wanneer en deur wie die petisie na die raad geneem sou word? -- Ek verstaan nie wat u daarby bedoel nie. Waar was hierdie beplanning gewees?

Ek vra vir jou n vraag. Was daar so n beplanning gewees of nie? Dit is n eenvoudige vraag. Ja of nee? -- Nee.

Jy sien, dan verstaan ek nie, jy het hier uit jou eie uit opgehaal dat hierdie petisie sou die 3de oorhandig word by die raad. Dit is wat ek probeer vasstel by jou. Jy het(20) dit opgehaal sonder dat ek jou daarvoor gevra het? -- Dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is die volgende. Dit is vanselfsprekend in die inhoud van die petisie aan wie dit gemik is. Al wat gedoen moet word by hierdie vergadering van die 3de is dat die petisie het nou daar bymekaar gekom, alles is nou daar. Dit is vir die mense teenwoordig daar op die 3de om te besluit hoe hierdie petisie die mense vir wie dit bedoel is bereik. Dit is wat ek dink. U moet my mooi verstaan. Ek sê nie daar was so n besluit gewees nie, dat dit so moet gebeur nie. Dit is wat ek in gedagte gehad het. (30)

Jy/...

Jy sien, ek wil dit dan nou pertinent aan jou stel, dat hierdie dinge wat jy so vir die Hof vertel dat julle sou nie aan die optog Maandag deelgeneem het nie en aan die "stay-away" deelgeneem het nie, het uitgeglip daar, want julle sou - want dan sou julle ook hierdie petisie wou oorhandig soos jy daarso spontaan netnou gesê het uit jou eie uit? -- U stelling is nie korrek nie, want u is daarvan bewus dat hierdie dag het die sinode gesit en ek moes daar gewees het. Dus het ek die sinode bygewoon. Dit kan net nie die waarheid wees nie. Tweedens, hierdie vergadering was nie gehou (10) gewees nie, want ek sê dit met sekerheid dat niemand daar gekom het nie. Ek het hier vir die Hof getuig van wat die polisie gedoen het die Maandagoggend. Dus was daar niemand gewees wat daar opgedaag het nie. Ek het hier 'n verhaal vertel van wat later plaasgevind het daar en wat ons gedoen het naamlik die "bishops" en ons moes eintlik soontoe gegaan het na aanleiding van die gebeure van die onluste. Dit beteken dus dat daar niks gedoen was by my kerk hierdie dag nie. Dit is om daardie rede dat ek sê u stelling is nie korrek nie. (20)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K761

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, hoekom moes die petisievorms die 3de September 1984 by die kerk gewees het by daardie vergadering? -- Dit is omdat ek die aankondiging gemaak het dat dit na my woning toe gebring moet word, deurdat dit deur die skoolkinders daar afgelewer moet word op pad skool toe.

Ek vra nie vir jou hoekom moes hulle by jou afgelewer (30)

word/...

word nie. Ek vra hoekom moes hulle by die kerk gewees het by die vergadering? -- Daar was nie 'n vergadering gewees op die 3de nie. Al wat ek gedoen het was, ek het 'n aankondiging gemaak dat dit na my huis toe gebring word op hierdie dag.

HOF : Sou daar nie 'n vergadering wees op die 3de nie? -- Daar sou 'n vergadering gewees het, maar nie met sekerheid nie. Dit het afgehang van of die persone beskikbaar gaan wees om die vergadering te hou. Die vorms word na my woning toe gebring omdat daar iemand was om dit te ontvang. Andersins by die kerk is daar niemand om ontvangs hiervan te neem (10) nie.

MNR. JACOBS : En as daardie vergadering sou plaasgevind het wie sou daardie vorms dan soontoe geneem het? -- Daar was nie 'n besluit gewees dat hierdie vorms na hierdie vergadering toe sal moet gaan nie.

Dit was nie so beplan dat hulle soontoe moes gaan nie? -- Die aankondiging was dat die volgende dag hierdie vorms aan die skoolkinders gegee sal word op pad skool toe, sodat die vorms my woning kan bereik op daardie manier.

My vraag is, antwoord tog net my vraag, asseblief, (20) sou die vorms dan nie na die vergadering toe moes gaan en is daar niemand wat dit soontoe sou geneem het nie? -- Indien hulle daar gaan vra het vir die vorms by my woning, sou die vorms by die vergadering gewees het.

Jy sien, want hierdie vergadering is vir my baie onverstaaanbaar. Jy kan nie betwis nie, daar was 'n beplanning gewees dat daar sou die volgende dag 'n vergadering wees op die 3de van die mense wat wegbly van die werk af. Is dit reg?

MR BIZOS : "As mense van die werk af gebly het", that has been the evidence. (30)

HOF/...

HOF : Vir die mense wat van die werk af wegbly. Die vraag word toegelaat. -- As hulle vind dat hulle nie werk toe gegaan het nie.

Wie is aangewys as voorsitter vir daardie tentatiewe vergadering? -- Niemand was aangewys nie, want daar was nie 'n vergadering gewees nie.

Wie is vooraf besluit sou voorsitter wees? -- Ek het gesê Hlubi en Mosuoane moet teenwoordig wees. Dit wil sê hulle sou besluit het.

MNR. JACOBS : Hlubi en wie is dit? -- Mnr. Mosuoane, 'n (10) "church warden" van St Cyprians.

En wat van Myeza, hoekom moes sy nie daar wees nie? -- Sy sou daar gewees het.

Moes sy ook daar wees? Het jy haar ook aangesê om daar te wees? -- Ja, maar hulle is veronderstel om teenwoordig te wees, want hulle is mense wat my help, dit wil sê beide van hulle.

Het jy vir haar aangesê om daar te wees? -- Dit is maar so "obvious" dat hulle daar behoort te wees. Dit is as hulle vind dat hulle nie werk toe gegaan het nie, behoort hulle (20) daar te gewees het.

HOF : Is sy aangesê ja of nee? -- Ek kan nie onthou nie.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy met Hlubi gepraat dat hy en die "warden" daar moet wees die volgende dag? -- Op pad na my woning toe na die vergadering van die 2de.

Was dit net julle twee of was Nozipo ook daar? -- Ons was altesaam vier persone. Dit wil sê die drie van ons plus Nozipo.

Na die vergadering van 26 Augustus 1984, het julle mense aangestel om die petisie rond te neem, handtekeninge in te (30)

samel/...

samel? -- Daar was persone gewees wat veronderstel was om dit te doen.

Het julle, jy en jou twee helpers, mense aangestel, ja of nee? -- Ons het niemand uitgewys nie. Ons het verwag dat mense hulle self bereid sal verklaar. Dit is wat hulle gedoen het. Ons het niemand uitgewys en gesê "Jy word aangestel" nie.

Het mense na jou toe gekom en gesê hulle is bereid om die petisie rond te neem en het jy hulle toe aangestel? -- Ek het niemand aangestel hnie. Die mense het sommer uit (10) hulle eie uit hulle bereid verklaar om dit te doen.

Kom ons probeer op 'n ander manier. Jy sê mense het hulle bereid verklaar om dit te doen. Wanneer het die mense hulle bereid verklaar om dit te doen? -- Dit is na die einde van die vergadering. Dit wil sê na die vergadering uiteen gegaan het.

HOF : Op die 26ste, die 2de? -- Ja, op die 26ste.

MNR. JACOBS : Hoeveel mense het hulle kom aanmeld as vrywilliges? -- Dit was 'n klomp mense.

Hoeveel? -- Ek is nie in staat om 'n skatting te gee hoeveel (2) in getal die persone was nie.

Naastenby? -- Ek weet nie.

Was dit meer as een? -- Ek het gepraat van 'n klomp.

Maar kan jy vir ons sê, was dit meer as vyf? -- Ja, dit was meer as vyf.

Kan jy vir die Hof meer help om dit nader by benadering te bring? -- Ek kan nie myself daarmee verbind nie. Ek was besig met iets anders op daardie stadium.

Waarmee was jy besig en waar was jy toe die mense hulle aangemeld het? -- Ek was besig met 'n onderhoud waar ek met (30)

mnr. Harris/...

mnr. Harris betrokke was.

Jy en Hlubi? -- Ja.

Waar het hierdie mense hulle aangemeld? -- Aan Nozipo wie die mense se besonderhede afgeskryf het.

Jy het nie gesien dat hulle hulle aanmeld by haar as vrywiliges nie? -- Ek het.

En dat hulle hulle aanmeld as vrywilliges? -- Ja.

Het jy die name gesien toe? -- Ja, ek het die name gesien wat daar geskryf was.

Was dit van verskillende wyke? -- Wat daar plaasgevind(10) het, het plaasgevind in die onmiddellike nabyheid van my.

Was dit vir die verskillende wyke, elkeen van die verskillende wyke in Sharpeville was daar mense? -- Ek hoop so.

Jy hoop so? Jy was die man in beheer van die petisie. Is dit nie so nie? -- Ja, maar ek kan mos my verantwoordelikheid delegeer aan enige ander persoon.

Het jy jou verantwoordelikheid gedelegeer? -- Ja, want kyk, die verantwoordelikheid moet eintlik gedeel word. Dus moet ons almal deelneem en verantwoordelik optree.

Aan wie het jy gedelegeer? -- Nozipo. (20)

Het jy nie gaan kyk of sy geslaag het daarin om die verteenwoordigers vir elke wyk van Sharpeville te kry nie? -- Ek het gesê ek was besig met 'n onderhoud waar ek betrokke was met mnr. Harris.

Nou vra ek weer vir jou die vraag, het jy gaan vasstel of daar verteenwoordigers van elke wyk is? -- Ek het dit nie gedoen nie.

Nooit gedoen nie? -- Nie op daardie tydstep nie.

Nooit nie? -- Nie so nie.

Hoe het jy vasgestel of elke wyk verteenwoordigers (30)

gekry/...

gekry het? -- Toe ek van haar verneem het, het sy my meegedeel dat daar sekere mense is wat alreeds hulle name opgegee het vir daardie wyk

En was jy tevrede dat daar was genoeg mense? -- Nee.

Daar was nie genoeg nie? -- Ja.

Wat het jy gedoen om dit aan te vul om te voldoen aan die resoluëie van die vergadering dat daar drie verteenwoordigers in elke gebied of wyk of area aangestel word? -- Dit was die resoluëie van die 2de September, nie die 26ste nie. (10)

So dit was nie op die 26ste se vergadering voorgestel gewees dat daar moet drie verteenwoordigers vir elke wyk aangestel word om die petisie rond te neem nie? -- Dit was nooit so voorgestel nie.

En op die 2de se vergadering, deur wie was dit voorgestel? -- Mnr. Hlomoka, beskuldigde nr. 2.

Was hy die man wat voorgestel het julle moet in elke wyk drie verteenwoordigers kry om die petisies rond te neem? -- Ja, hy het daardie voorstel gemaak.

Nie mnr. Mosuoane nie? -- Nee, hy het nie gepraat nie. (20)
Mosuoane? Glad nie.

En n persoon met eie naam van Mkwanazi? -- Ek onthou dat Mkwanazi op die 26ste gesê het dat Sharpeville verdeel moet word in verskillende areas.

Vir watter doel? -- Sodat die petisie maklik kan vlot.

Het hy gesê dat daar moet mense aangestel word in elke gebied of area? -- Ja, ons praat mos van die 26ste. Ek hoop so, ja. Dit is wat hy gesê het.

En het hy gesê hoeveel verteenwoordigers moet in elke gebied aangestel word? -- Ek kan nie onthou dat hy dit (30)

gesê/...

gesê het nie.

Kan jy ook nie onthou dat hy gesê het drie verteenwoordigers vir elke wyk nie? -- Op die 26ste, nee, ek kan nie so goed onthou nie, maar dit is vervat in hierdie dokument met verwysing na BEWYSSTUK V31.

En as jy gesê het dat die eerste man wat gesê het dat Sharpeville moet in wyke opgedeel word om die petisie-opneming te vergemaklik en te bespoedig, is beskuldigde nr. 2 op die 2de se vergadering, is dit nie heeltemal reg nie?

MR BIZOS : No, the emphasis of that question was that three representatives should be appointed for each area. That was (10) part of that question.

MNR. JACOBS : 'n Ander deel van my vraag was ook gewees wanneer is die eerste keer voorgestel dat Sharpeville opgedeel word in gebiede en .. (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MNR. BIZOS : En dat drie.

HOF : U het die klem gelê op die drie, want die antwoord wat ek neergeskryf het was dat dit nie op 26 Augustus voorgestel is dat daar drie verteenwoordigers vir elke wyk aangestel moet word nie. (20)

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar los. Die oorkonde is ook daar wanneer dit gesê is. Kan jy vir die Hof sê wanneer het jy die eerste vorms teruggekry waarop mense geteken het? Die eerste petisies gekry waar mense geteken het? -- Op die 26ste en die 2de was daar petisies gewees.

Ja, maar wat jy teruggekry het, wat teruggegee is na hulle vol is? -- Op 2 September het ek daarvan gesien wat by die kerk was.

HOF : Getekende petisies? -- Ja.

MNR. JACOBS : Nou verstaan ek nie heeltemal mooi as jy sê (30)

jy/...

jy het dit by die kerk gesien nie. Wat bedoel jy daarby?
Het jy dit net ontvang of het jy dit gesien daar? -- Ek het
dit nie ontvang nie.

Jy het dit net gesien? -- Ja, terwyl dit aan Hlubi oor-
handig word.

So, het Hlubi dit ontvang? -- Ja.

Is dit die eerstes wat teruggekom het? -- Ek is nie
so goed op hoogte daarvan nie.

Hoekom is dit dan aan Hlubi oorhandig en nie aan jou
nie? -- Hy werk saam met my. (10)

Maar julle is bymekaar? Hoekom het jy dit nie geneem
nie? Jy is die man in beheer van die petisies? -- Hy is ook
verantwoordelik.

Wat het hy gemaak met die goed wat hy gekry het? -- Hy
het dit by hom gehou.

Maar hy is mos net 'n helper van jou as ek jou getuienis
reg verstaan. Hoekom het hy dit nie vir jou gegee nie of
hoekom het jy dit nie geneem nie? -- Ek het gesê omdat hy
ook verantwoordelik was.

In watter opsig was hy verantwoordelik? Hy is net 'n(20)
hulp vir jou? -- Omdat hy 'n ouerige persoon is wat eintlik
goed verantwoordelik gehou kan word.

Het julle ooreengekom hy sal die goed by hom hou? --
Ja, ek hoop so.

Asseblief, antwoord my reguit. Het julle ooreengekom
of het julle nie? -- Ja, daar was 'n ooreenkoms gewees.

Wat was die ooreenkoms, tot wanneer sou hy hulle hou?
-- Ons het nie die tydperk bepaal nie.

HOF : Wat het van mnr. Hlubi geword? Waar is hy nou? -- Ek
weet nie waar hy is nie. (30)

MNR. JACOBS : Verstaan ek dan reg - laat ek dit eers so stel ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : I think that My Learned Friend owes Your Lordship a statement that Mr Hlubi was in detention as a potential witness for ten months.

MNR. JACOBS : Ek weet nie waar is Hlubi nou nie. Ek stem saam hy was op 'n stadium aangehou as 'n getuie gewees. Kan jy vir ons sê, het jy en Hlubi en Myeza weer ontmoet na die 2de en vergadering gehou? 2 September 1984? -- Nee.

In jou besit, het jy enige van die petisieforms ontvang?(10)
En om dit duidelik te maak, ek praat van voltooide petisieforms? -- Nee.

Het jy enige van die vorms, die blanko vorms, nou nie blanko vorms nie in die sin nie, maar wat nog nie geteken was nie, het jy enige petisieforms in jou besit gehad? -- Nee.

Het jy ooit probeer om daardie petisieforms wat voltooi was te kry? --Nee. Die uitbreek van die onluste het oorge- neem dat ons nie meer in staat was om te vergader nie, want mense wou nie meer rondbeweeg het nie en tweedens, (20) ek was siek as gevolg van wat by my huis gebeur het. Daardie week was ek nie beskikbaar nie, dit wil sê vanaf die Maandag. Dit is die Maandagaand.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U sê toe u daar weg is daardie Maandagoggend toe was daar nie enige probleme nie, 07h30 as ek reg onthou? -- Ek sê so, ja. Ek het niks gesien nie.

Wat ek eintlik wil vra is dit, het die kinders enige petisies by u huis kom aflewer, kinders wat normaalweg op pad is skool toe? -- Nie eers een petisie was na my huis toe gebring op hierdie dag nie. (30)

HOF/...

HOF : Hoe laat begin die skool? -- Om 08h00.

En hoe laat is u weg van die huis af? -- Om 07h45.

MNR. JACOBS : Ek wil vir jou oor hierdie petisie n paar dinge lees uit hierdie dokument wat ingehandig is deur die verdediging. Dit is BEWYSSTUK DA10. Dit is die Rand Daily Mail van 16 Augustus 1984. As jy kyk na die laaste kolom. Stem jy saam is dit n verslag van die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Ja, dit is n berig aangaande daardie vergadering.

Ek wil vir jou die laaste deel daar lees "The commit-(10) tee announced that the petition papers would be distributed throughout the township and should be signed and sent back as soon as possible in order to be submitted to the Lekoa Town Council Before September, 1, the date of the new rent implementation." Is dit n korrekte weergawe of is dit n foutiewe weergawe? -- Ja, ek stem saam met die berig in hierdie koerant maar u moet nou een ding verstaan, dat dit nie op hierdie dag van die 12de gedoen was nie.

Wat sê jy is nie op die 12de gedoen nie? -- Die petisie.

As ek jou getuienis van vanoggend korrek verstaan en(20) korrek onthou het jy gesê dat op daardie vergadering het jy net een aankondiging gemaak dat daar n petisie beoog word, maar dat julle eers die prokureurs moet gaan raadpleeg? -- Ja.

Dan moet hierdie sin mos verkeerd wees "The committee announced that the petition papers would be distributed throughout the township and should be signed and sent back as soon as possible"? Dan het jy dit mos nie gesê nie? -- Dit is korrek.

HOF : Wat is korrek? Is die sin korrek wat gelees is of is die stelling korrek? -- Die inhoud wat aangehaal word van(30)

hierdie/...

hierdie bewysstuk is korrek, maar die stelling wat gemaak word is nie korrek nie.

MNR. JACOBS : Kom ons toets net wat is reg. Watter "committee announced" volgens - watter "committee" is dit wat aangekondig het? -- Die komitee wat hier na verwys word bestaan uit myself, Hlubi en Myeza. Dit is die komitee wat dien onder die toesig van die kerkraad van St Cyprians in Sharpeville. Ek sal na hierdie komitee verwys as 'n ad hoc komitee. Die rede daarvoor is omdat ek die persoon is wat op versoek van die kerkraad opgetree het en mense gekry het. Dus het ek hierdie (10) mense gekry.

Ek verstaan jou getuienis nou glad nie. Gister was jy baie, baie beslis, die kerkraad het nooit vir jou opdrag gegee om mense te kry om jou te help nie? -- Ek is die voorsitter van die kerkraad. Van ek hier begin getuig het in hierdie getuiebank het ek vir die Hof hier gesê al het die kerkraad op iets besluit en gesê dat dit gedoen moet word, het ek die mag om my diskresie te gebruik dat ek persone sal moet gaan kry wat ek as deskundiges beskou in daardie gebied om my behulpsaam te wees. (20)

Maar die kerkraad het jou nooit opdrag gegee of 'n volmag gegee en gesê kry mense, soos jy nou net 'n oomblik tevore gesê het nie? -- Wat aan my oorgedra was deur die kerkraad was dat ek moet toesien dat die vergadering 'n sukses is. Dus moet ek sien wie ek gaan gebruik.

HOF : Mnr. Jacobs, as ons drie keer oor elke terrein gaan, gaan ons vyf maande besig wees met een getuie. Hierdie aspek het u al behandel. Die kwessie van die komitee het u ook al behandel. Ons het al klaar na DA10 verwys in hierdie verband. Ek kan nie sien waarom ons twee keer dieselfde (30)

terrein/...

terrein moet dek nie.

MNR. JACOBS : Ek verstaan nou nie. Mag ek ...

HOF : U kan kruisverhoor maar hierdie aspek van die komitee het u nou aangegryp. Ons het dit gister of eergister of die dag daar voor behandel. Ek kan nie sien waarom u weer na die komitee toe teruggekom het nie. Waarom gaan u nie verder aan met die paragraaf nie?

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit doen. Die verdere deel in hierdie paragraaf wat ek aan jou stel, wat jy vir ons kan sê of dit die waarheid is of nie, is dat hierdie dokument, (10) die petisie, moet so gou as moontlik versprei en terugbesorg word sodat dit aan die raad van Lekoa oorhandig word voor 1 September. -- Ja, dit is wat in hierdie dokument bevat word.

En is dit wat gesê was daar op die vergadering van die 12de? -- Ja, na die petisie voorberei is en indien dit beskikbaar was, sou ons dit uitgegee het by die vergadering van die 19de. Eintlik wat ek daarby bedoel is dat het ons alreeds dit wat ons na gesoek het al gekry om dan gereed te wees met die petisie. Dit sou alreeds by die Lekoa Stadsraad bedien gewees het voor die 19de. So, hierdie berig is korrek as (20) hulle praat van voor die 1ste, want dan sou dit alreeds op hulle bedien gewees het.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Was u gedagte op 12 Augustus dat u voor 19 Augustus al klaar sou wees met die petisie, dit geteken sou wees en dit ook al ingehandig sou wees by die Stadsraad? -- Nee, wat ek daar sê is, as dit miskien was dat daar nie iets was wat in my weg was met die volledige voorbereiding van hierdie petisie tussen die tydperk vanaf die 12de tot die 19de, dan sou hierdie petisie alreeds die volgende dag, dit wil sê die dag na die 19de, die 20ste aan die raad bedien (30) gewees/...

gewees het, want dit sou dan beteken dat hierdie al volledig opgestel is.

HOF : En geteken? -- Ja, as dit volledig is in die sin dat dit alreeds geteken is, maar dit het toe nie so gebeur nie. Selfs by die volgende vergadering was dit nog nie gereed gewees nie en dit was nog nie volledig, soos dit nou verduidelik word in my getuienis dat ons gesê het op die dag van die 19de Augustus nie.

MNR. JACOBS : Op die 12de, het jy geweet dat daardie petisie kan nog nie uitgaan nie, want jy wil nog eers na prokureurs(10) toe gaan? -- Nee, wat ek gelaat het by hierdie vergadering as 'n indruk is dat ek sal eers 'n prokureur moet sien en raad gaan kry wat die posisie is wat die prosedure is om gevolg te word aangaande die uitreiking van die petisie.

Op die 12de van Augustus 1984 het julle al 'n besluit geneem gehad dat hierdie petisie moet ten minste voor 1 September, wanneer die nuwe huur in werking tree, oorhandig word aan die raadslede?

HOF : Bedoel u was daar op 12 Augustus al 'n besluit - het dit al bestaan op 12 Augustus voor die vergadering of is (20) dit op die vergadering besluit?

MNR. JACOBS : Voor die vergadering.

HOF : Was daar voor die vergadering al 'n besluit?

MNR. JACOBS : Dit is wat ek hom vra.

HOF : Dat die petisie in moet wees teen 1 September?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Ja, dit is die vraag. -- Nee.

MNR. JACOBS : Jy sien, hoekom ek jou dit vra is, omdat hierdie beriggewer hierso skryf dat "committee announced" dat dit moet in wees voor 1 September? -- Wat, hy sê nie so (30)

nie/...

nie, laat ek hierdie ding lees. "The committee announced that the petition would be distributed throughout the township and should be signed and sent back as soon as possible in order to be submitted to the Lekoa Town Council before September." Nee, nee, nee, daar is uitlatings wat u daar weggelaat het. U moet asseblief nie ander goed weglaat nie. Lees die ding soos hy daar staan. Dit sê nie dat hierdie petisie behoort terug te wees voor 1 September nie.

Is dit jou antwoord? -- Ja.

En hierdie woorde "In order to be submitted to the Lekoa (10) Town Council before 1 September" beteken dan eintlik niks? -- Eers die verspreiding van hierdie dokument en eers na die handtekeninge bekom was, sal die derde gedeelte dan van toepassing wees, dit wil sê sal die inhandiging of die indiening van die petisie plaasvind. Alvorens dit gedoen is, kan dit nie ingedien word nie.

Nou maar die "komitee" (noem dit in aanhalingstekens) moes tog 'n aankondiging gedoen het dat dit moet voor 1 September ingehandig word as die handtekeninge verkry word? -- Nee, hierdie wat hier bevat word, het betrekking op die vergadering van (20) die 12de en dit is nie iets wat gesê word alvorens die vergadering van die 12de gehou is nie.

Ons kan 'n baie maklike vraag vra. Was dit moontlikheid voorsien en bespreek deur die komitee voor die hou van hierdie vergadering dat 1 September 'n belangrike datum is? -- Is dit nou voor die vergadering van die 12de?

Ja, dit is wat ek jou vra? -- Die hele gebied, die hele Vaal was alreeds daarvan bewus dat die eerste dag van Septembermaand 'n belangrike dag is na aanleiding van die kennisgewings wat alreeds versprei was in die gebiede. (30)

Het/...

Het julle "komitee" (ek sê weer in aanhalingstekens) dit bespreek, ja of nee voor die vergadering van die 12de?
-- Ja.

Wanneer voor die 12de het julle dit bespreek? -- I

MR BIZOS : I would ask Your Lordship to record that we heard the interpreter, although it was not a question, that the 1st of September was mentioned by the interpreter.

COURT : I am sorry, I did not hear that. Did you mention 1 September?

INTERPRETER : Yes, I did, now that Mr Bizos mentions it. (10)
I did mention 1 September in relation with the question which was put whether it was known to the people - it was discussed that this should be back by 1 September.

COURT : Well, let us have the question again.

MR BIZOS : May I say, My Lord, we do not offer it as a criticism, that is how I understood the question. That was not part of the question that was put. It was put in a wide way. Was it discussed and we had a number of things discussed. The "it" could refer to a number of things.

COURT : Well, may be it was an explanation by the interpreter. (20)

INTERPRETER : That is correct. I mentioned that in explaining to the witness to understand what the question is.

HOF : Die vraag is nou die volgende. Is dit deur die ad hoc komitee voor die vergadering van die 12de Augustus bespreek dat 1 September 'n belangrike datum is? -- Dit was 'n belangrike dag gewees, nie net vir die persone wat genoem word nie, maar vir die meerderheid van die mense.

U weet as u mooi luister na die vrae sal dit die helfte vinniger gaan in hierdie hof. Is dit bespreek deur die komitee voor die vergadering van 12 Augustus dat die datum (30)

1 September/...

1 September 'n belangrike datum is? -- Ja, baie persone sê ook so. Dit is wat hulle van geweet het.

Was dit 'n belangrike datum wat betref die indiening van hierdie betrokke petisie? -- As dit nie moontlik was nie, kon dit ook plaasgevind het na hierdie datum.

MNR. JACOBS : Dan om dit af te rond, kan jy vir ons sê omdat dit 'n belangrike datum was vir die indiening van die petisie, het julle so 'n besluit toe geneem as dit moontlik was? -- Ja, die gedagte was ook, ons is daarvan bewus dat na die 1ste het ons nog sewe dae wat die mense nog in die huise kan (10) bly sonder om uit die huise gesit te word, waar daar dan aksie gedoen kan word as hulle uit die huise gesit word.

Was dit toe so aan die vergadering op die 12de oorgedra dat die komitee het so 'n besluit geneem? Was dit aangekondig op daardie vergadering? -- Daar is van die dinge wat enige ander persoon van bewus is wat ons eintlik nie aankondig nie.

HOF : Antwoord net die vraag. -- Ek antwoord die vraag.

Nee, u het hom nog nie geantwoord nie? -- Ek het gesê ja, daar is baie mense wat daarvan bewus is dat alvorens (20) sewe dae verstreke is, kan hulle uit die huise gesit word nie. Dit is hoekom ek sê daardie kennis is daar dat as iets nie gebeur het op die 1ste nie, het ons nog 'n speling van sewe dae.

Die vraag was is dit aangekondig op die vergadering dat die komitee so besluit het? -- Nee. Ek sê nee.

MNR. JACOBS : Het enige van jou ad hoc komitee die verslag-gewer te woord gestaan en aan hom so iets gesê? -- Nie voor die vergadering nie. Ek sê voor die vergadering nie, want hierdie verslag hierso het betrekking op die vergadering (30) van/...

van die 12de.

Kom ons maak dit net maklik, tydens, voor of na die vergadering, het hulle dit aan die verslaggewer gesê, jy of enige van jou ander komiteelede? -- Nee, die beriggewer was teenwoordig daar. Hy het self gehoor wat daar gesê word.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 15 JUNIE 1987.